„Dit was die tyd toe een van die kleingoed van die vet meid van Putkuil die pylkop ingesluk het, en sy het al die mense uitgenooi om te kom huil. Dit was die grootste huil van daardie droogte. Hulle het die maer skaap wat die jakkals gevang het, oop gesny, en elkeen het ’n koeël stertvet gekry. En Klein Kort Joggom Konterdans loop



deur die veld van die werf om uintjies te soek en sy viool is in sy hand.

En toe die oues voor die strooihuis huil, skree die klein-goed: „Hier kom iets. Dit gaan soos 'n slang in die droë gras.” En hulle hoor die speel van die viool, en hulle begin met die voete, en die oues staan op en hulle sê: „Arrie, is daar 'n bruilof in die land?” En toe hy naby kom, stamp almal met die voete.

En binnekant lê die kleinding dood aan die pylkop. En die ou meid Nasi-Tgam gaat hom tegemoet, en sy waai die groot swart karos, en sy gaat hom tegemoet met 'n kalbas maas en 'n hand gelykvol stertvet. En van ver af sê sy: „Heitsie, die Krommetjie. Die geel bobbejaantjie wat agter-uit kyk en die tier laat stuit. Hy is dit wat Makding die wegtrekpad sal wys en wat die Bessiebome sal red.”

Dan doen Klein Joggom Konterdans wat die meid Nasi-Tgam van hom eis en hy gaan met sy viool na die Bessiebome. Dit word soos hier volg beskryf:

„En die oggend, met die word van die dag sit Konterdans op die Spitsklip binnekant die werflyn van die Bessiebome; dit is op die punt van die Skuinswater; en hy draai sy rug na die werf se kant. En voor hom lê die harnosterspieël van Nasi-Tgam, sodat hy alles agter kan sien; en hy is blink gevrywe met die stertvet. En om sy kop hang drie mierkat-veldklossies; en om sy nek is die groot koperring van Heitsi-Eibib.

En hy maak die lied van die reën.

En Jakob Makding, toe hy sy tromp vat en sy mond ooprek om te blaas, toe bly hy so staan. En sy kleingood storm van die werf se kant en hulle skree: „Ons Ta, ons Ta, daar is een op die bakenklip by die Skuinswater wat net sy rug wys. En die mense dans in die skerms.”

En Jakob Makding gryp sy kapmes en hy roep na die oorlogsvolk, maar daar is nie antwoord nie. Hy hoor hulle sê: „Klips, maar dis die baasspeler daardie een.”

En Makding slaat die groot tamboer en hy roep: „Vandag noui ek al die aasvoëls uit. Vandag gaan die groot slag by die Bessiebome wees.” En hy bekrui Konterdans agter die doringskerm van die Skuinswater.

En Konterdans sing die lied van die reën en hy speel op sy viool.

En Makding siet sy eie volk gaan hom tegemoet, en hulle dans en sê mooi woorde vir Joggom Konterdans. En bo-op die bult siet hy die ou meid Nasi-Tgam, en sy spreid die swart karos wyd uit, en agter haar kom die volk van al.



die ander werwe, met kalbasse en eierdoppe klaar vir die water, en hy voel sy hart word slap.

En Krom Joggom Konterdans speel die lied van die reën. En toe gooi Jakob Makding sy kapmes in die Skuinswater, en gaat sit in die stof, en hy roep: „My kleingoed, my kleingoed, julle ou ta se ryperd is dood.”

En dié dag het die ou meid Nasi-Tgam die wet van die Bessiebome weer vertel, en dit was Krom Joggom Konterdans wat die water uitgedeel het.”



Dit lyk of in hierdie verhaal nog 'n oorblyfsel van simboliek aanwesig is want die mededeling dat die ou meid Nasi-Tgam, die swart karos wyd uitsprei, dui waarskynlik op swart wolkbanke wat opkom. Indien dit so is, maak dit die verhaal nie mooier nie, maar minder suiwer en bring dit 'n verwarrende gedagte daarin. Dit kan ook wel wees dat Nasi-Tgam se manier om die swart karos wyd uit te spreid 'n simboliese gebaar is en in dié geval is dit letterkundig heeltemal verdedigbaar om dit in die verhaal te vermeld.

Hoe dit ook al sy, wanneer ons die storie lees bloot as 'n realistiese verhaal, sonder om enige simboliek daarin te soek, dan is dit 'n pragtige storie.

Wat mens ook tref, is die simpatieke wyse waarop die hoofpersone beskryf word. Selfs vir Jakob Makding is mens geneigd om aan die einde van die verhaal sy eertydse hartvotigheid te vergewe.

Die verteller het ook 'n groot sin vir humor gehad en telkens moet mens glimlag oor die geestige manier waarop dinge meegedeel word. Dit was nie net Krom Joggom Konterdans wat 'n groot kunstenaar was nie maar ook die man wat van hom vertel.



Die derde verhaal vertel ons van 'n ou meid wat saam met haar twee kleindogters in die berge woon. Bevreës vir haar toorkuns het die mense haar uit die stat gedryf en nou woon die drie daar eensaam en verlate in die berge. Die eensaamheid en die verlange na hul stat is te veel vir die een jong meidjie en sy word mal. Dan verdrink sy haarself in die gat water waar sy elke more gaan water skep. Haar naam was Nampti. Sy was die een wat altyd gelag het en toe hulle na die kloof getrek het, het van die jong volk baie keer berg toe gegaan om vrugte te soek. Want dit was mooi meidjies wat die tamboer kon slaan en by die dans voorgestaan het.

Maar die ou meid staan hulle voor en swaai met die arms en sy sing 'n toorlied wat die hart swak maak.

„Die vaal valkie maak haar nes in die krans.  
Verniet kom die weerwolf en die jakkals.  
Verniet loer die rooi mierkat.  
'n Klip val van die hoogte af.  
Die bloedspoor staan vlakke toe.  
Haar nes is veilig.”

Van die berg af kan Nampti die roke van haar stat onder in die vlakke sien en sy word al hoe treuriger. Sy lag nie meer nie. Sy sing wel, maar dis 'n lied van droefheid.

„Wat word van die meisie wat alleen bly,” sing sy,  
„Sy wag nie meer vir die kom van die jagters nie.  
„Sy maak nie meer die vuur van swart doringhout nie.  
„Die wind waai verby haar ore.  
„Sy hoor nie meer die danslied nie.  
„Die stem van die storieverteller is dood.  
„G'n een roep haar van ver nie.  
„Om mooi woorde te praat.  
„Sy hoor net die stem van die wind alleen.  
„En die wind treur altyd  
„Om hy alleen is.”

Vroeg in die more as sy gaan water skep, staan sy lank in die water en kyk, en eendag terwyl sy weer so staan en droom, hoor sy 'n lied sing en dit lyk vir haar of die lied uit die water kom. Dit sê:

„Die spore van die Hart van die Dagbreek.  
„Lank het ek dit in die dou gesien  
„Voor die son dit doodvee.  
„Die klein spoortjies van Nampti  
„Wat my hart laat sing.”

Toe sy by die huis kom, vertel sy wat sy gehoor het, maar haar suster sê: „Jy hoor dinge en jy sien ander dinge wat nie is nie. Dit is jou dinksnare.”

Maar haar ouma dink weer op haar manier daarvoor. „Dis 'n ongesondheid wat daar bly,” sê sy, „ek sal jou toorgoed gee om in die water te gooi.”

Sy doen wat haar ouma haar gesê het en die volgende dag gooi sy van die toorgoed in die water. Die uitwerking was verbysterend want meteens is daar 'n groot roering in die water en staan daar 'n jong jagter by haar op die kant. Hy is blink van al die ringe en om sy nek is baie krale. In sy hand is 'n lang boog. Hy lag vir Nampti en sê mooi woorde vir haar. Dan sê hy dat, voor sy die volgende oggend weer kom, sy haar aanhanggoed moet omsit.

Die volgende more gaan sy, versier soos 'n bruid weer na die skeplek waar die jong jagter al vir haar sit en

WILGERBOOM  
BOGIES.  
VERSE-VAN  
TOTIUS.

.PIERNEEF.





wag. Saam met hom gaan sy dan die water in, na wat hy sy tuiste noem.

Wanneer haar ouma en haar suster haar kom soek, kry hulle net haar spore.

Hierdie tragiese verhaal is ook mooi vertel. Eers sien jy die verlange van die meidjie waar sy van die berg af staan en kyk na die vuurroke van haar stat en waar sy staan en kyk hoe die mans en jong Boesmans uittrek om springbokke te gaan jag. Daarna hoe sy by die gat water sit en droom. Eers kry jy die dromery, en daarna die sterker verbeeldingsvlugte. Sy weet dan nog dat dit verbeeldingsvlugte is en wil hulle verdryf. As sy 'n snaakse miswolk op die water sien, sê sy nog: „Dit is die trane in my oë,” en as sy hoor hoe 'n stem soetjies 'n liedjie sing, 'n lied wat van liefde spreek, die liefde van 'n vreemdeling wat haar spoor volg en haar gedurig gadeslaan, trag sy haarself reg te ruk en sy sê: „Dis die klein kindjie van die wind wat sing.”

Maar later, as haar verstand almeer benewel word, kry sy hallusinasies waarby sy nie meer twyfel aan wat sy sien nie. Sy sien 'n jong jagter met 'n lang boog in sy hand en hy is pragtig versier met ringe en krale. Hy praat mooi woorde met haar en wil hê dat sy sy bruid moet word en as sy weer kom, in bruidstooi moet wees. Sy is so seker van wat sy gesien en gehoor het dat sy die volgende oggend kom soos hy verlang het met haar aanhanggoed omgesit, versier soos 'n bruid. Hy neem haar dan met hom die water in, na sy tuiste.

So is die verhaal. Maar nou het die verteller daaraan vasgeknoop 'n geloof as sou daar in die watergate van die bergklowe 'n reëngod of reëngees woon wat eenmaal 'n mooi meisie, „die Hart van die Dagbreek,” na sy woonplek gelok het. Dit maak die verhaal verward. Twee dinge, die geskiedenis van 'n jong meidjie wat van hartseer haar verstand verloor en die geskiedenis van die vereniging van 'n mooi meidjie met 'n reëngees. Heel waarskynlik is hier twee stories deurmekaar gevleg; maar daar kan ons hier nie rekening mee hou nie; hier het ons alleen te doen met die storie soos dit hier vertel is. 'n Boeiende storie wel, met mooi onderdele, maar as geheel nie 'n eenheid nie. Tog, ondanks hierdie groot tekortkoming, 'n buitengewoon lesenswaardige storie.

Bogenoemde drie verhale laat my dink aan 'n paar beelde wat ek bokant die poort van 'n „hofje” in die Hollandse stad Dordrecht gesien het. 'n Hofje is 'n tehuis vir ou

mense; 'n aantal klein wonings rondom 'n pleintjie, deur 'n muur afgeskei van die straat. Daar is verskeie sulke hofjes in Dordrecht en bokant die ingang van een van hulle staan die beelde van 'n ou mannetjie en 'n ou vroujie, beide nie alleen swak en klein nie maar kennelik ook suffe-  
rig, en hulpbehoewend. Daaronder staan die woorde:

„Frissche jonckheit, fiere jeught,  
Siet wat dat gy worden meught.”

Hierdie woorde sou mens kan skryf bokant die geskiedenis van baie volke wat een tyd talryk, sterk en beskaafd was maar wat gekom het tot armoede, stompsinnigheid en magteloosheid. En hierdie woorde sou mens heelwaarskynlik ook kan skryf bokant die geskiedenis van die Boesmans. Want dat daar eenmaal 'n tyd was dat hulle op 'n peil van beskawing geleef het veel hoër as waarop hulle die laaste eeue geleef het, is wel waarskynlik. Ons sou behalwe hulle letterkundige smaak meer dinge kan noem wat daarop wys maar in hierdie verband kan ek slegs hulle oorgelewerde verhale noem. Want by watter onbeskaafde nasies kry jy sulke pragtige stories? By Kaffers? By Eskimo's? By Rooihuide? Vergelyk hulle selfs met ons eie Westerse, meestal lawwe, dwase of onbeduidende volksverhale en dan moet jy wel tot die gevolgtrekking kom dat daar in die Boesman iets is, of was, wat volkome in stryd is met sy teenswoordige staat.



# A. J. J. Visser

## MEI

Europa het haar wang gestreel,  
gelag en speels beveil:  
Jy gaan 'n dor Karoo, dié maand  
verower, kind. Vertrek vanaand.

'n Visser het haar afgelaai  
een misnat nag by Hoedjesbaai.  
Sy het tussen bokkems opgestaan  
en flink die Swartland binnegegaan.

En hier moes sy die boere na  
haar rigting en bestemming vra:  
„Wit ryp.” „Hel son.” „Die aarde is dom  
en steur nie aan seisoen of blom.”

Van Laingsburg tot by Norvalspont  
by kaaltes, koppies, skape rond  
soek sy vergeefs na hul wat sê:  
Ons wil die land vol blomme hê.

Selfs hy wat weggegaan, gedwaal  
en uitgestyg het bo die kraal  
se misreuk het haar met die vuur  
van hartstog van hom weggestuur:

Jy sien hier net 'n wildernis  
wat blind vir julle skoonheid is:  
Erosie, warrelwind en sweet  
solank die son die hemel meet.

Vir ons 'n paradys, 'n fees  
waarby jy nooit 'n gas kan wees:  
skaapvleis en biltong, voleet, lag  
tot na die misvuur dood vannag.

Die oog waaraan sy haar moes bind,  
kon sy in so 'n klipkop land nie vind.  
Na dertig dae, by Hoedjesbaai  
het vissers haar weer ingelaai.

## ORPHEUS

Die smeking van sy harp, kitaar en fluit  
het in die doderyk se nou portaal  
gaan tent opslaan en aanhou wag tot uit  
die donker skag hul blink en sterk weer haal  
die vlam waarna sy liggaam jare brand:  
Begeertes wat soos steenkool oud en swart  
gepuur het tot 'n blink-wit diamant  
en diep verberg was in sy koue hart,  
is oopgeskroei. Sy hande pluk die snaar  
tot hy haar hartklop in die dreuning voel;  
'n simfonie wat aangroei en bedaar  
as sy haar hartstog om en om hom woel.  
Die vroeër liefde kan weer voortbestaan  
om hy geblinddoek oor die snare slaan.

## DINGAAN

My dade is 'n swart rivier wat vloei  
vanuit 'n rots — die blou graniet wat God  
gesplint en in my opgebou het tot  
'n sfinks van drifte wat al groter groei:

My kalwers vreet die struik uit my hand  
tot hul die gif in het; hul steier-spring  
en laat die kortasgaai so diep indring  
dat bloed uitspuit en sprinkel oor die land.

Al wei daar langs Tugela nou 'n bul  
wat pynlik aan my roem begin te kou;  
al keer hy nou my verse aan en klou  
hy met 'n warm hand my dreiging stil,

Die ondier wat hier kom om baas te kraai  
sal my indoenas vang en nek omdraai.

# Die Digter Leipoldt: 'n Herwaarderling

J. KROMHOUT

Om Leipoldt se digterskap te herwaardeer, is 'n vererende taak wat ek graag uitvoer. Met die oog op die beperkings wat 'n enkele tydskrifartikel oplê, en gedagtig aan Goethe se bekende uitspraak, sou ek lievers wil praat van „'n poging tot herwaarderling” of „grondslae vir 'n herwaarderling,” want meer as hooftrekke of rigtingslyne kan nie aangestip word nie.

Dit wil nie sê dat die opdrag onbillik of ongemotiveerd is nie. Intendeel, met die dood van Leipoldt in 1947 is sy werk afgesluit om in onpartydige oënskou geneem te kan word. Die literatuur oor hom — omvangryk, maar fragmentaries — is egter nog nie afgesluit nie, hoewel dit minder word, nou die bron opgedroog het. Maar agter alles wat nog oor Leipoldt geskryf word, skuil die gevaar van populêre begrippe wat begin vaswortel, omdat tydafstand en geestelike gemaksug neig tot die aanvaarding van deur ander geskrewe waardering en kritiek instede van die eie lees en die persoonlike ervaring. Ook omdat elke kunstenaar van formaat nou eenmaal die herinnering van sy nageslag binnetree as die groteske vergroting van net een, of enkele, van sy fasette.

Vandaar die wenslikheid om digters en skrywers periodiek te „herwaardeer.” Wat Leipoldt betref, bevat hierdie artikel uiteraard nie meer as 'n paar steekproewe nie. 'n Sintetiese benadering met 'n karakterisering en plekbepaling van Leipoldt as digter is aangedurf in my (nog te verskyne) D.Litt.-proefskrif, terwyl ek hier boonop sterk wil pleit vir die eventuele publikasie van Leipoldt se versamelde werk, sy dit dan voorlopig 'n volledige en behoorlike uitgawe van sy gedigte.

Elke herwaarderling bring met hom mee 'n verskuiwing van waardes volgens die heersende opvatting van 'n gegewe tydstep. So 'n waardebepalende proses kan hom slegs beroep op tydsgebonde waardemeters, waardeur die geldigheidsduur van 'n bereikte oordeel ondergeskik gemaak word aan die grille van letterkundige konjunkturbewe-

gings. En as waardes wissel, sal opnuut gemeet moet word. Hoe onvas ons maatstawwe werklik is en hoe wankelbaar gevestigde kunsteorieë, bewys die faktor „variabele grootheid” — soos historici soos Huizinga en Romein dit noem — uit die geskiedenis: Antonides van der Goes wat in sy tyd ewe beroemd was as Vondel; Tollens wat as tydsfiguur ontsaglik baie vir die Hollandse digkuns beteken het; Beets met sy „piramidale” sukses in die negentiende eeu; om nie te praat van die „ritme” van die populariteit van Bredero of Bilderdijk, Multatuli of Gorter, of van Milton, Shelley, Keats of Byron nie.

As ons dus Leipoldt wil herwaardeer — of, om dit anders te stel, sy „plek” wil bepaal — kan dit nie geskied in ’n gees van ’n tot mislukking gedoemde vasstelling van die rekenkundige plek of rangorde of van ’n soort historiese kampioenskap nie. ’n Vrugdraender prosedure sou wees om te wys op aspekte van sy digkuns wat voorheen onvoldoende, of glad nie, beklemtoon is; om sy aandeel in verhouding tot presterende mededigters te ondersoek; om sy invloed op en navolging deur ander te bespreek, met vermelding van sy tekorte en hoogtepunte, sy bekendheid en gewildheid; en veral om sy invloed op die groot publiek nie te onderskat nie, waar hy duisende mense nader aan ons natuurskoon en aan ’n besef van besielde poësie gebring het, gewone mense wat die digter leer liefkry en waardeer het—’n onberekenbare bydrae maar van onskatbare waarde in ons letterkundige ontwikkelingsgang.

Ons kan met veiligheid beweer dat maar ’n minderheids-persentasie van Leipoldt se digterlike opbrengs vandag algemeen bekend is. Dit is veral dié gedigte uit ons eie „tydperk van aandoening,” dié wat hulle, soos Opperman dit stel na aanleiding van Totius (*Standpunte* 6, bls. 29), op die „klaargemaakte gevoel” beroep, wat eerste bekendheid verwerf het. Daarnaas: Leipoldt se vernaamste natuurgedigte en slampamperliedjies, ’n aantal belydenisverse en aansporingsgedigte, ’n bietjie reis- of reportage-poësie, enkele historiese gedigte — en daarmee is ons belangstelling in Leipoldt vir bloemlees-, resiteer-, toonset- en tiperings-doeleindes op ’n end. As daar nog na ’n oorsigtelike beeld gestreef word, word die weg van die geringste weerstand gewoonlik gevolg met beklemtoning van Leipoldt se sogenaamde „ontwikkelingsgang.” In dié verband moet onthou word dat die chronologiese verskyning van Leipoldt se digbundels hoegenaamd nie altyd korreleer met die ouderdom van die inhoud nie. ’n Ontleding van die eerste verskyningsdatums in tydskrifte en koerante van die gedigte in

bv. *Dingaansdag* (1920) en *Uit Drie Wêrelddele* (1923) toon aan dat die laasgenoemde bundel oor die geheel geneem 'n ouer digbundel is as die eerste. Veral konglomeratiese samestellings („sameraapsels” in menige opsig) soos die latere bundels *Die Moormansgat* (1948) en *Geseënde Skaduwees* (1949), en selfs *The Ballad of Dick King and Other Poems* (1949) onderstreep die gevare van 'n sodanige beskouingsmetode in Leipoldt se geval.

Ten tweede was daar by Leipoldt van 'n veronderstelde ontwikkeling—in die sin van vooruitgang—weinig sprake. Van sy beste werk het in sy debuutbundel verskyn, en van sy laaste gedigte is daar baie wat nie bo geleentheidsverse of 'n oninspirerende herhaling van vroeëre temas uitstyg nie.

'n Vondeliaanse ontwikkelingsgang het die vroegrype Leipoldt nie geken nie. Teen die agtergrond van die hele Afrikaanse poësie — waaraan hy 'n baanbrekende aandeel gehad het deur veral ons volkspoësie tot kunspoësie te verhef — was Leipoldt se reputasie reeds gevestig, feitlik gekanoniseer, lank voordat hy, soos ook Kloos, daarmee die graf ingegaan het.

Naas voldoende voorbeelde om hierdie bewerings te staaf, wil ek hier terloops aantoon hoe 'n bepaalde gevoelsvergestalting van Leipoldt hom oor 'n lang tydperk — van die Engelse Oorlog (a) oor Wêreldoorlog I (b) tot Wêreldoorlog II (c) — byna onveranderd gehandhaaf het. Ek kies minder-bekende fragmente:

(a) (1) Oh England, what is this that thou hast done?  
 — O deed so black, so steeped in coward shame  
 That we, thy British subjects o'er the seas  
 Must weep hot tears of bitter self contempt  
 To bear so foul a name. Alas! Alas!  
 Thou dost not know, or see or feel. Deaf, dumb  
 And stony blind, thou reelest to thy ruin . . .

(2) If some day, our lost nation, trembling wakes  
 To see in very deed what her great seer  
 Saw in a vision — in the highest Heaven  
 Now hourly blackening o'er her island home  
 The flash and gleam of the uplifted sword,  
 The awful glimmer from the strong white arm  
 Of God's avenging angel — on that day  
 When England cowers in lonely shame and pride  
 Will one friend, only ONE, spring to her aid?  
 (beide uit *Scheepers*, in *The New Age*, Londen,  
 27 Februarie 1902).

- (b) (1) My plig? Om hier te sterwe, my bloed hier te vergiet  
Vir haat van haat geërwe, lands-eer en volks-  
verdriet?

Vir nyd wat nydig asem, en eer wat staan  
gekroon  
Met swaweldamp en wasem van velde waar hy  
woon?

Vir verder breuk van skakels wat volk aan volk  
moet heg,  
Om waar te maak orakels wat profeteer geveg?

Vir skending van wat edel en hoog en heilig bly,  
Om later te gaan bedel en sielsgebrek te ly?  
(*Op die Slagveld, in Die Brandwag, November  
1915*).

- (2) So mag dit wees as ons hiernamaals kom  
Diep in die dodeland waar geeste woon  
Wat eenmaal vleis en been op aarde was,  
Dat één ons aantref — één wat bloed van ons  
Op aarde was en vir sy lewensland  
Nog liefde oorhou: „Wat gebeur daarbo?  
Hoe staat dit met my land?” En ons moet sê:  
„Só staat dit met my land: Verdeel, verspil  
Die kragte wat, verenig, seë bring;  
Vermink die manmoed, verbreek die mag  
Wat eens die wilde woestheid kon bedwing.”  
En hy wat hoor, sal, soos Sordello, roep:  
„O wee my land, wat tot 'n slaaf versink!”  
So mag dit wees as kind se kinders vra  
Vertelsels uit die jare lank verby  
En luisterend roep: „Hoekom het ons vandag  
Nie wat ons vroeër had nie?”  
(*Die Aanroeping, in Dingaansdag, 1920*).

- (c) (1) O kyk, dis kinders, vrouens, mans wat kla;  
Dis wit gesigte, bloed-bevlek, wat staar  
Met wyd-geopende oog wat niks gewaar,  
Bo hemel toe en van die hemel vra  
Vergelding vir hul martel-Golgotha...



Hoe sal ons hom uiteindelik beloon  
Die self-verhefde herder, held en heer  
Van pure potklei, wat vandag probeer.  
Sy troubreuk, valsheid en verraad verskoon  
Met huiglery wat reg en waarheid hoon?  
(uit die dubbelsonnet *Hitler*, in *The Forum*,  
21 Oktober 1939).

Laat elke potkleipatriot maar skree  
Oor volk en vryheid en 'n ideaal . . .

'n Lafaard, meer veragtelik duisendmaal  
As die sluipmoordenaar wat die galg beklee . . .

Kom kruip, jul kleinere wurmpies van weleer  
Wat oor die wêreld se geskiedenis  
Vuil voetspore getrap het . . .

Kom spartel in die vuilnis en die drek  
Waaruit jul stam . . .

(uit 'n reeks van sestien gedigte in *De Stoep*,  
Curacao, April 1944).

- (2) Wat sal ek antwoord as my kleinkind vra,  
Met die engele-stem wat elke kind behou  
Van wonders-weet vanwaar: „Kan Oupa nou  
Vir ons vertel hoekom die mense kla  
Daar is vandag nie meer 'n Holland nie . . . ?

Sal ek dan paai met praatjies oor die Trek,  
Dingaan se dwinglandy, Retief se dood,  
Die weë van ons volk in barensnood . . . ?

Of sal ek durf om eerlik te bely:  
„My kind, ek het daar skuld aan, tot my spyt,  
Dat Holland dood vermoor is. Daardie tyd  
Was ons aan siel en gees en moed bankrot.  
Ons was so mislik klein, so bangkat vrot,  
Ons het besluit dat ons ‚neutraal’ sou bly.”  
(uit dieselfde reeks, dele van gedig No. II).

Oor Leipoldt se sogenaamde „politieke ommeswaai” is reeds van verskeie kante betoog dat daar nie so-iets kon gewees het nie. Vanselfsprekend kom fundamentele lewensfeite en openbare optrede in die gedrang, wat byna almal dui op ’n sterk Engels-georiënteerdheid. ’n Versigtige analise van juis dié eerstelinggedigte (in die besonder *My nuwe Vaderland*) waardeur — mét die blydschap-om-die-gedrukte-woord tydens ons tydperk van „patriotiese vertroeteling” én die neiging tot swart-en-wit skildering in nasionale sake — aan Leipoldt ’n pro-Afrikaansheid toegedig is, kan egter die teenoorgestelde ook bewys. Veral vir sy na-veertiger voortbrengsels het Leipoldt — soos baie dit gevoel het — sy pen soms in gif gedoop. Ons dink aan die „klandestiene” *Stoep*-reeks, party gedigte in *Dick King*, ander wat nog ongebundel is; en dit tref ons dat hy die wondermooie *Die Einde* herdruk in *The Forum* van 28 Desember 1940 onder die titel *Follow the Gleam* ter bemoeiding van . . . wie nou?

Maar ’n volledige beskouing van Leipoldt se verdeelde liefde vir „sy volk” — die ruime insig, die vrysinnige denke van die wêreldburger (vgl. sy redes vir sy verfloude belangstelling in die Groot Trek) teenoor sy volksvreemde liberalisme wat enersyds ’n hervormingsdrang tot nasionale eenheid nie uitsluit nie (hoewel die *Dick King*-gedigte opvallend stil is daaroor) maar andersyds die tyd vooruitloop en die pigmentskratiese standpunt van die Afrikaner negeer is hier nie moontlik nie. Leipoldt het te veel ’n „apostle of the opposite view” gebly. Dis ’n ambivalente geesteshouding — ek wil my nie in die vaarwaters van Van Wyk Louw se psigologisme begewe nie — wat deurgesyfer het in sy nasie-beskouings met talryke manifestasies van waaragtige vaderlandsliefde. As sy „volk” maar net nie uit mense bestaan het nie („wat slegter is as vee”) maar uit visse, en as sy vaderland maar liewers die see was (al is dit ook „vol trane”) in stede van Suid-Afrika, dan het hy nie die problematiek en die tragiek van ons ewige rassestryd ten prooi geval nie.

So ook: die bespiegeling en nostalgie wat aan die hand van ’n kompensasië-begrip, Skoonheid ’n al sterker neerslag in sy natuurpoësie vorm; die poseer van ’n lewensraaisel wat hy nie met kousale vraagstelling kan oplos nie; sy tema van „plig doen” as teëwig van persoonlike en nasionale pappbroekerigheid; sy besef van geestelike inkongruensie weens sy „erfnislas” („misverstaan en halfpad sku”); sy vergeefse hunkering na die klassieke lydingsloutering waar hy die lye, soos ook sy „sienerskap,” meer as ’n waargenome

verskynsel as 'n eksistensiële ervaring toepas; die wysgerige grondslag — of gebrek daaraan — van sy eskatologiese gedigte; sy poëtiese liefdesbelydenisse — dit alles, en nog baie meer, is aspekte van Leipoldt se digwerk wat by 'n diepgaande, geïntegreerde studie nuwe perspektiewe open en by wyle verrassende bevindings oplewer.

'n Groot en veelsydige kunstenaar kan die eb en vloed van gewildheid beter trotseer as sy „mindere broeders.” Sy werk besit soveel kante dat daar, deur die eeuenteling heen, altyd een of meer van sy fasette tot ons deurskitter. Ek meen dat Leipoldt produktief en „groot” genoeg was om 'n permanente plek in die ry van Afrikaanse digters te beklee. Dit ten spyte daarvan dat hy betreklik vroeg (vir praktiese doeleindes ná die verskyning van *Skoonheidstroos* en *Die Bergtragedie* in 1932) oor sy kreatiewe hoogtepunt heen was en dat hy gedurende sy laaste jare geen vernuwing of variasie gebring het nie, net akkumulاسie.

Omdat dit nie vir hom nodig was om te vermy wat reeds gesê is nie, en omdat sy uiting streng individueel was, het Leipoldt, gesien die tydvak waarin hy geleef het, moontlik die grootste bydrae ten opsigte van oorspronklikheid in ons digkuns gelewer, ons modern-gepatroonde digters inbegrepe. Hy was minder aantasbaar deur invloed of mode — en daardeur minder derivatief — beide weens aanleg en tydsomstandighede. Maar as 'n isme- of resepluse digter met geringe spore van regstreekse invloed (en sy belesenheid, veral in die Engelse digkuns, was benydenswaardig) het hy hom in resenter jare min gesteur aan die gepostuleerde „verantwoordelike” digkuns en die kans op verdere verryking van sy kunstenaarstotaliteit laat verbygaan.

Daarom dat Leipoldt, van wie wel groot invloed *uitgegaan* het (Opperman laat hom bv. keer op keer nie onbetuig hieroor in *Digters van Dertig* nie) deur sy tyd „vasgevang” is en as tydsfiguur (enkele bo-tydelike skeppings uitgesluit) sal voortbestaan. As stedebesinger (veral van Kaapstad, ook die reeks in *Bergtragedie*) het hy tog nie — soos die roepingsbewuster „jongeres” — met die opkomende industrialisasie en verstedeliking van die Afrikaner tredgehou nie. Sy verse is nie sosiaalgerig nie en die grootstadsmotief vind in hom geen verteenwoordiger nie.

Die tydsfaktor het ook die taalfaktor beheers: geen uitbuiting by Leipoldt van die „mistieke verborgenhede” van die taal, van die latente, evokatiewe krag van die enkele, onvervangbare woord nie. Leipoldt, met sy onekonomiese woordverbruik, was salig onbekommerd oor die Gorterianse ondoelmatigheid van die „eensydige simbool” en

temperamenteel ongeneë om alle uitdrukkingsmoontlikhede af te tas. Dis tekenend van hom dat hy in sy laaste gedigte dieselfde woordeskat en vormgewing behou het as in 1900.

Oor 'n digter soos Leipoldt — geniaal maar onewewigtig, veelsydig maar tog met minder snare op sy ramkie as wat deurgaans veronderstel is — word nie gou die laaste woord gesê nie. Om hom te karakteriseer, sal altyd minstens twee woorde, en dan nog teenstrydige woorde, gebruik moet word! Daar setel egter 'n lewendige kern in sy poësie wat steeds die onderwerp van studie en beskouing sal bly. Al word hy net onthou as die inleier van ons monodrama, van die natuursonnet, van sy slampamper-genre en as konsentrasiekamp-digter, dan het hy met daardie „braaklandarbeid” 'n onuitwisbare stempel op die Afrikaanse letterkunde afgedruk.

# W. van Heerden

## ONTLIGGAMING

Vreemd word die stap oor veld van blonde gras,  
in teen die middagson laag en intens,  
verby verwronge winterbome.

Sy tred word liggaamloos en sonder las,  
asof hy uit na alle vertes kan,  
soos een wat wandel nou deur drome.

Die skeiding tussen hede en wat was,  
die afstand tussen werklikheid en wens,  
is nie meer kenbaar en volkome.

Hy is nie in die tydsverband meer vas,  
maar dryf weg, in die grenseloosheid van  
die blou-grys miste opgenome.

# Die Digterskap Van S. Ign. Mocke

S. C. HATTINGH

Op twintigjarige leeftyd publiseer Mocke sy eerste bundel verse nl. *Gedigte* (1932). Soos ons op hierdie stadium kan verwag, soek hy nog na rigting en staan terselfdertyd sterk onder die invloed van die vorige geslag Afrikaanse digters. Hy skryf hoofsaaklik opwekkingsliedere, stemmings- en natuurverse wat eerder van sentimentele gevoeligheid as van diep-menslike ontroering getuig. Sekere eienskappe tree egter op die voorgrond wat nie alleen in daardie tyd 'n nuwe klank was nie maar ook onteenseglik bewys lewer dat Mocke werklik digtertalent besit. Ons dink hier aan die openhartige en ernstige toon van sommige van sy gedigte, aan die geslaagde vormbeheersing by streng gebonde verse soos die sonnet, aan die stuwende, ritmiese kadens wat 'n nog sluimerende gevoelsbron suggereer — 'n sielsbeweging wat eers later suiwer en oortuigend na buite sou tree:

O, trotse dood, wat vry jou septer voer,  
En gierig eis wat ons die duurste hou,  
Die band verskeur wat siele samesnoer,  
Naywrig om te breek waar ons mag bou;  
Gereed om steeds die skoonste weg te vee,  
Die beste wat die Lewe ons, helaas . . .  
As dure kleinood selde of ooit kan gee;  
Groot Regter van die Lewe, ons wat raas  
En handstrekking bid en ween om dié  
Wat deur jou koue hand geraak word en beswyk . . .  
Is ons so blind deur trane dat ons nie  
Een oomblik na die skone in jou kyk?  
Pligdraer van die Almag, steeds getrou,  
Soos oor ons lewe, heers ook God oor jou!  
(Dood)

Kalm en rustig skilder hy die verskroeiende Vrystaatse vlaktes; die land is dor, kaal en verlate en tog vol bekoring:



En wasig beef die hitte oor die veld,  
Waar steekgrassaad witgolwend heen galop,  
Vér teen die Suide, waar die songloed smelt,  
Steek yl vlieswolkies teen die stoflig op . . .  
(Die Vrystaat)

Die reeks sonnette *By die Graf van 'n Vriend* bevat mooi gedeeltes, maar illustreer weereens hoe die digter nog onder die ban staan van retoriese wendinge en geykte taal. Daar in die kerkhof het gedagtes soos „wilde waters oor my siel geslaan.” Hy is met huiwering vervul oor die grusaamheid van die dood, oor die meedoënloosheid daarvan — alles is verganklik en val hom uiteindelik ten prooi:

Verganklikheid staan ewig soos 'n wag  
Oor alles wat ons doen en droom en sê;  
Hier om die graf waar jy in stilte lê,  
En weet van raaisels wat vir my nog wag,  
Groei weeldrig-skoon die blomme van die dag,  
In sonnekoestring nypend toegekelk.

Maar die gewyde stilte van die kerkhof, waar die wind sag deur sipresblare speel, wek ook berusting, die vertroue dat daar 'n skoner lewe wag na die dood:

Waar jy is, o my vriend, moet vrede wees,  
Die stilte hier vertel dit aan my hart . . .

Opwekkingsliedere wat vermelding verdien, is *Voorwaarts* en *Ode*, terwyl *Rustige Berge* en *Die Onbereikbare* van die beste stemmingsverse in die bundel is.

Sy tweede bundel *Vlugtige Aandrift* (1936) se titel is ontleen aan 'n vers van J. C. Bloem, nl. *Media Vita*:

Vanzelve wendt het hart, vol troostloos weten,  
Zich van een leven af dat bidt noch vloekt,  
Als het met de onfeilbare aandrift der magneten  
De streek van zijn verteederings zoekt . . .

Alhoewel daar vooruitgang te bespeur is in sy digterskap het *Mocke* nog nie daarin geslaag om heeltemal los te kom van die ou digterlike tradisie wat woorde en uitdrukkinge betref nie. Tog bevat hierdie bundel gedigte wat tref deur die eenvoud en spontaneïteit en veral die stemmingsvolheid wat dit openbaar. Pragtig is die siening in *Silhoeëtte*:

Teen die aandlug, rooi geverwe,  
Streep mahemme, ry aan ry,  
Tot die silhoeëtte sterwe,  
Waar hul in die vertes gly.

En met ruisend vlerkgespartel,  
kleiner, kleiner teen die dag,  
Pyl 'n opgejaagde kwartel  
In die donswit van die nag.

Dieselfde kan ons ook sê van gedigte soos *Herinnering*, *Arendvlug*, *Aan U Alleen* en *Liefde En Dood*. Laasgenoemde is 'n suiwer gediggie, 'n voorbeeld van wat die digter werklik kan bereik as hy sy gedagtes natuurlik en onbevange verwoord:

Jy het jou hande om my hoof gelê,  
En weinig deur die lange nag gesê.

Die sterlig het gekom en sag getaan  
In die blou skemer van die wintermaan.

Waarom, my lief, was jy dié nag so stil,  
Jou oë van 'n verre droom vervul?

Of het jou siel langs weë onverklaar,  
Die donker weemoed van my siel ontwaar?

Jy het jou hande om my hoof gelê,  
Asof jy, swyend, so aan my wou sê:

Hoe skoon ons droom, ons liefde ook hoe groot,  
Beide is swakker as die donker dood.

In *Asperien vir die Muse* (1948) skryf Mocke 'n aantal satiriese verse wat toespelings bevat op literêre gebeurtenisse van omstreeks 1940. Hy noem dit „'n Klugspel in Agt Tonele” met die Muse, digters, skrywers en kritici as *dramatis personae*. Die sg. huiwerliriek en die „Poësie parlant” word skerp gehekel. Hier is 'n voorbeeld:

Sing van die aktuele:  
van trems en bouperssele  
en van die aandeelbeurs;  
O ritme van die kables,

**UIT  
DONKER AFRIKA**



P.

**VERSEVAN  
TOTIUS**



musiek van duisend Babels  
sou oorheers.  
Sing van die trems en treine,  
besing die Neon-seine,  
skryf odes van die tronk en hospitaal . . .

Daar word gesinspeel op die twis uit daardie jare oor „weekheid en gespierdheid” in ons poësie en dan is dit die literêre kritici wat moet deurloop. Van een van hulle sê hy:

So bodemvas sy houding, en tog so wispelturig,  
so konsekwent, so konsistent, en tog so ongedurig;  
ai, so sjarmant veranderlik, en tog ook so bestendig,  
en om homself te adverteer, so meesterlik-behendig.

Dis moeilik om te sê of sulke satiriese verse blywende waarde het; literêre opstootjies word gewoonlik baie gou vergeet.

In dieselfde jaar (1948) verskyn ook *Liedere van Salome en ander gedigte*, en daarmee begin 'n nuwe fase in sy digterskap. Die ritmiese stuwring in Mocke se verse is nou suiwerder en getuig van groter besonkenheid. Die beweging is natuurliker en eenvoudiger; hy staan byna heeltemal los van die gekunstelde poëtiese taal. Die eerste afdeling bestaan uit 'n aantal minnedigte wat 'n kentering in die digter se gemoedslewe aandui. Sy geluk is so groot dat dit hom met vrees vervul, want alles op hierdie aarde is tydelik en gaan verby:

Ons trou is nie aan hierdie aarde lief, al brand  
ons sinne van geluk en juig ons mond  
by elke aanskouing van die morestond;  
al dank ons spraakloos God vir elke aand  
wat vrede bring en wyding oor die land;  
al voel ons tydeloos verbind met hierdie grond  
soos in 'n diep en heilige verbond:  
nie hierdie aarde, liefste, is ons vaderland.

Sy ontmoeting met Salome kondig 'n nuwe periode in sy lewe aan, „'n Nuwe en ongedroomde daeraadstilte.” Hoop, geluk en vrede vul weer sy wese. Hy vrees nie meer die geskimp van mense wat selfgenoegsaam praat van „deugde” nie en ander dinge as „kwaad” bestempel. Hy weet dat sy liefde suiwer is. Die deugsaamheid van mense is bedrog en hulle begrip van God onwaar. Die hartstog wat ruim en spontaan uit die hart opwel, bring die diepste vrede:

O die lig van die dou, lief, wat skitter  
op die wei, in 'n sterligte aand,  
en die maanblom se kelk, lief, is witter  
as die vuur wat op altare brand.

Saam het hy en sy beminde bewus geword van hierdie wet van God: wat smadelik is en aards sal tot skoonheid omvorm word, alles wat stofgebonde is, sal bevry word; dit het hulle in hulle ontluikende liefde gesien. Daarom maan hy:

Dra elke leed, lief, sorgsaam in jou hart;  
vertroetel dit; jy sal die roering voel  
van daardie vrugkiem diep in alle smart.  
Die pyn sal skroei, lief, as die vlerke woel  
om los te kom; maar weet: In die kokon  
lê ook die eerste juigvlug na die son!

Die volgende lied is weer 'n sonnet waarin die digter die gedagte uitspreek dat die siel genesing sal vind in die vervulling van hierdie liefde. 'n Hoë trots ontwaak in hom by die besef van die volkome oorgawe van die beminde. Maar daar ontstaan ook twyfel. Sal jy vrede vind? Sal daar geen náberou wees nie? Sal die ontnugtering nie dalk te fel wees as jy van die daad se leegheid keer tot die volheid van jou droom en blind jou hande in myne vind? Maar die liefde is 'n inspirerende krag. Sinnelike skoonheid wek die kosmiese verlange na eenwording met die „Al.” Eenvoudig en tog treffend verwoord hy hierdie hunkering:

Al my verlangens is maar hunkeringe  
na die één, verlore woord.  
wat ek eenmaal in die sagte singe  
van die hart gehoor't.

Ek weet nie wat die woord bedui het,  
van watter droom dit was:  
net dat die melodie my bygebly het  
van wat volkome was.

Dieselfde eenvoud en soberheid verneem ons in die dertiende lied:

Wie met 'n kind se helder oë kyk  
sien nog die tuine van Gods' koninkryk;

Wie luister met 'n kind se enkel oor  
sal nog die Reisang van die engele hoor . . .



Na die hewige stryd kom daar kalmte. Die vrede en rus waarna die bemindes verlang het, is besig om werklikheid te word. In die laaste lied, wat 'n mooi stemmingsgedig is, wys die digter op die verganklikheid van alle dinge en die uiteindelijke onderworpenheid aan die dood:

Hart wat moes wag en ween,  
alle geluk en lye  
wyk soos die najaarsreën.  
Alle verlange en strye  
vlug soos die herfsnag heen,  
vergetelheid roep uit die wye  
versluiserde nag, met sy reën.

*In die Gebede van die sterwende soldaat* verneem ons ook 'n wysgerige onderstroom; dis 'n poging tot diepsinnige bepeinsing van kragte wat in oorlogstyd gewek en losgelaat word. In die atmosfeer van dood en vernietiging tree die lewensdrif sterk na vore; die soldaat vra genade om die dood nie te vrees nie. In die eensaamheid wat hom oorval, besef hy die verraad wat skuil in die „Woord”, is die Lewe wat hy diep bemin:

O woord wat die mooiste was,  
Vryheid en Liefde en Hoop,  
en die eerlike, manlike daad,  
en treur oor jou donker verraad,  
o woord wat my bondgenoot was.

Vir hom is daar slegs pyn en ontnugtering; die lewe wat hom soveel skoons beloof het, bring nou hierdie aand van bloed en verderf. Met diep ontroering verwoord die digter hierdie gevoelens in *Die Verraad* en *Vergiffenis*. Veral in laasgenoemde is die gevoelservaring diep en deurleef:

Gee aan hulle helderheid, Heer,  
want ek, wat moet sterwe, alleen,  
ek is al, ek is al wat nog ween.  
Want hul oë is droog van haat  
en hul harte hard soos steen,  
ek wat moet sterwe alleen,  
ek is al, ek is al wat nog ween . . .

In die vier kwatryne wat nou volg, pleit die digter vir egtheid, menslikheid, beskeidenheid en durf. Daar is die praters en lawaaimakers wat slegs hulle eie leegheid en verval verkondig; die oppervlakkige denkers wat net hulle eie kleinlikheid en gekunsteldheid openbaar:

Noudat die einde daar is, man, vergeet  
die huiglary van digter en profeet.  
onthou maar net: die dood wat jy moet sterf  
het beter manne nog as jy geërf.

wat baat jou lus as dit nie toornig word,  
'n afgrond as jy nie daarin kan stort?  
En wat is liefde wat jou skugter maak  
en bang, selfs, om 'n vrou se kleed te raak?

In die derde afdeling vind ons die mooi *Ballade van die Tyd* en *Drie Sonnette* waarin die digter weer die lewensdrif voel ontwaak wat lank in 'n „winterslaap” verkeer het. Langs donker weë het hy gegaan op sy soektog na geluk, vreemde angste het hom oormeester; maar in hierdie somernag, in die streling van die koel wind, het hy meteens besef: „Die aarde was die diepste dors in jou.” In die gedig *Twyfel en Wete* beeld hy die skerp kontras uit tussen die man en die vrou in hulle instelling teenoor die geluk. By die man bly die teleurstellings en laste van die verlede 'n bron van onrus. Die bitterheid en opstandigheid in sy hart ontwy die vrede wat die liefde moet bring:

Herinnering is al wat bly; een lang wit pad  
wat wentel deur die tyd wat agter lê,  
alles wat hy deurlewe het, dit moet die hart  
derf; alles wat skoon was, alle suiwer dinge,  
het aan hom verbygegaan soos druppels reën . . .

By die vrou is daar aanvaarding; sy put krag en troos uit die liefde wat haar hele wese vul. En die skoonheid van die natuurdinge rondom haar versterk haar geloof in die toekoms:

In al die onrus het ons net die een  
versekering: goed is die lewe en die aarde is mild;  
van wat ons ly, van alle bitterheid sal net  
die verre en vae heugnis eenmaal bly . . .

Die bundel word afgesluit met 'n aantal verse oor die Vrystaat en vier sonnette getiteld *Die Koue Tye*. Swerms trekvoëls verdwyn teen die aandlug; in die hart is daar 'n vreemde fluistering wat sê dat die lewe maar net soos die verre trek van voëls is „oor kimme waar die grys windwolke stroom.” Waarvandaan en waarheen bly 'n raaisel. Die gedigte *Droogte* en *Sprinkane* is plasties-beeldend en suggestief. Mocke se fyn waarnemingsvermoë word weereens treffend geïllustreer; die atmosfeer van die

droogte, bv. spreek uit elke woord en beeld: kroes-verlepte saad, korsige stronke, rooistof in riffels uitgespoel, die pantserluis wat sit „soos spykers aan die stam geklink.” En dan die ontwaking van die dwarrelwinde:

... 'n tuitjie stof  
rank naby uit die stronke op en draai  
'n klein sambreelbos uit die struik los.  
Die bossie kantel steil die hoogte in —  
dit spin en spin.  
En eensklaps het  
die heksedans van dwarrels  
op die bult begin.

In die sonnette *Die Koue Tyd* word daar gesinspeel op die legendariese ghoera-speler van die Tamboekies. Met sy lied troos hy die oues van dae en beur hulle op, dan waar hulle alleen by die aandvuur sit. Die ghoera-speler is ook simbolies van die skoonheid en vrugbaarheid van die aarde. Met *Koue Tyd* word ouderdom bedoel. Hierdie sonnette is ongetwyfeld van die beste en rypste werk wat Moeke nog gelewer het. Die mens is onverbreeklik verbonde met die aarde en die kosmiese magte wat dit beheers. In sy jeug, in die volheid van sy lewe is hy nie so bewus van die aarde se roepstem nie, want die jongman verheug hom in sy krag en die jongvrou maak haar vir die fees bereid. Dis eers as die ouderdom kom dat die oor gestem word om die fyn klanke van die fluitspeler op te vang:

Die klank wat maar die ou taal van die aarde is  
waaruit hy kom, waarin hy weer sal rus.

Die skoonheid van die aarde wat die mens met blydskap vervul, is altyd daar — selfs in die winter as die suidewind geniëpsig sny en die spierwit kamgras op die heuwels soos 'n laken wuif. Die barre doodsheid is slegs skyn — die ontwaking van die lente naby.

Dan plant jy in sy hart 'n nuwe hoop:  
uit barre doodsheid sien hy eendag groei  
die rysige slangkop met sy goudeel kroon;  
dan spreid die gifblom wyd sy waaiers oop  
en eensklaps in die dooie ougras bloei  
die pers beslag van die grys bitterboon.

Daarom groei daar vreugde in die hart van die oumens as hy in die najaar die afskeidsroep van kraanvoëls in die skemeraande hoor, as die bos- en watervoëls hulle liedere laat klink:

Dan voel hy in die herfsland met sy leed,  
'n ou, ou hoop wat dieper lê as vrees;  
die hart klop rustig in hom en hy weet  
ons leef maar net op aarde om bly te wees . . .

In sy jongste bundel, *Twee Lande*, kom Mocke se digterskap tot volle ontplooiing. Hy is 'n seun van die Vrystaat; hy het die land en sy mense, die boerelewe, die diere van die veld hartstogtelik lief. Daar bestaan by hom 'n gedurige hunkering na die eenvoud, die kalmte en wydsheid van die ou omgewing, hier waar hy vasgevang sit tussen die hoë betonmure van die polsende, rustelose stad. En nou word daardie idilliese jeugland bedreig: daar is goud ontdek en nuwe stede verrys op die vlakke veld. Skerper as ooit tevore sien hy nou wat daar in sy onmiddellike omgewing plaasvind: die geestelike armoede en vernedering wat sy eie mense kenmerk en ondergaan, die onnatuurlikheid en futilliteit van die grootstadsbestaan. Aan die een kant wek dit felle opstand en verbittering teen die meedoënloosheid van die onheilspellende magte wat so onstuitbaar op die gewyde aarde toesak en aan die anderkant heimwee en deernis om die onherroeplikheid van die noodlotsgang.

In die eerste afdeling, „Die Nuwe Land”, sien hy angsvallig die metamorfose wat die land ondergaan: meganiese ploëe sny die reguit paaie wat lei na die nuwe stad; die telegraaf- en ladingspale wat in rye aangroei, maak die indruk van marsjerende soldate wat in geslote linies voorwaarts beweeg om die grond te verower; reusegeboue en mynstellasië verrys, die gruishope groei aan: vestings en skanse van die nuwe land:

Waar kim aan kim die land se grense sluit,  
rys staalblink vestings, dringend, ongestuit;  
die heliosein van mynstellasië blits,  
die skanse gruis slaan daagliks nader uit.

Mocke maak skitterend gebruik van die kwatryn waar hy een afgeronde beeld of gedagte wil verwoord. Vernuftig skakel hy daarmee 'n reeks indrukke aanmekaar van ons sodoende 'n volledige beeld te gee van wat die omwenteling

alles inhou. Daar is die ryk boer wat sy erfplaas verkoop het: hoe sal hy die dinge wat hom dierbaar was, sy sielorus, sy ideale weer terugvind? Die man wat eers voorman op die plaas was, bestuur nou die hysbak in een van die groot geboue. Verneem hy nog die bekende geluide wat die landelike atmosfeer gekenmerk het? Vroeg in die aand begin die dans op die maat van blêrmusiek; dan skuiwe die meisies op die sypaadjies uit, toonbeelde van menslike onbenulligheid. Hier volg 'n paar voorbeelde:

Van agtuur Lambeth Walk en Riel gedraai  
by blêrmusiek deur strykkorkes gesaai;  
nou fladder hul op vaal sypaadjies uit  
soos vlas oor plate kakiebossies waai  
Hier word die fynplaat en die staaf gesmee  
om spierkrag aan die nywerheid te gee;  
maar word ook wapens hier bedink waaruit  
'n tweede vryheidsoorlog nog sal spruit?

(Hoogoonde)

Deerniswekkend is die twee rondlopers uitgebeeld: *Die Hond* en *Die Mens*. Laasgenoemde is 'n roue beeld van die uitgesakte, verskopte mens van die stad, sonder ambisie, sonder hoop, sonder lewensdrif . . .

Sy voete skuifel oor die straat  
deur bome-lanings nag-verlaat,  
en êrens tokkel in 'n ry  
die nagwaens stil by hom verby . . .

Daar huiwer skrynende weemoed deur die koeplette van *Meisie en Jukebox*. By 'n klein tafeltjie in 'n kafee sit sy en luister na die sentimentele jukebox-musiek; om die mond-hoeke 'n trek van weemoed — herinnerings wat heimlik brand: die huilroep van 'n kind, die skrikbeeld van 'n moeder-hospitaal.

Gryp vas die woorde; drink dit diep in jou;  
en as vannag die donker jou omvou  
sal nog die jukebox hartseer deuntjies speel  
om jou in moeë sluimering weg te streel . . .

Bitter die satire in *Vier Welsynsverslae*. Die verslae is koud, nugter, wetenskaplik sonder die reddende impuls van die liefde. Warm menslikheid, eerlike belangstelling, onver-

valste liefde — dis die eienskappe wat by die grootstadslewe met al sy nugter wetenskaplikheid ontbreek. Baie slagoffers pleeg selfmoord of sluit by die boemelaars aan:

Maar een nag het hy sonder spoor verdwyn  
en toe die vroeë veldson oor hom skyn  
is hy met liefde ingesweer, geslaan  
tot ridder in die Orde van die Wyn.

Die groep *Vyf Bevoorregtes* bevat agtereenvolgens *Die Gasvrou*, *Die Pensionaris*, *Spotter op die Verhoog* en *Gasheer*. Al hierdie gedigte vertoon ook 'n fyn satiriese inslag: die vrou wat streef na sosiale eer, na uiterlike bewondering en maatskaplike erkenning terwyl sy die hoogste lewenswaardes verbeur; die man van aansien in die samelewing wat geen geldelike sorge het nie, wat met eerbied deur sy huisgesin bejeën word en snags met welgevallen nadink oor al sy goeie werke; die eensaamheid en enge begrensdeheid in sy bestaan van die pensionaris op die laaste skof van sy lewenspad:

Twee dogters wat getroud is, stel belang  
in hoe hy voel; in wat hy eet; en sorg  
dat hy hom nie met aandele laat vang  
of ingesleep word by die bank as borg . . .

Van 'n mate van beredeneerdheid is sommige van hierdie verse egter nie vry te spreek nie; trouens dis 'n gevaar waar satiriese uitinge baie selde aan ontsnap.

Byna huiweringwekkend is die toon van verganklikheid, die gewisheid van uiteindelijke verval wat spreek uit die mooi gedig *Grootstad aan Ryk Vrou*. Vir die vrou word die grootstad gesimboleer deur die afskuwelike en weersinwekkende; maar hy antwoord:

Dis ek wat snags jou bloed tot onrus spoor  
en in jou hart sy mooiste droom laat groei,  
as jy die klopsang van orkeste hoor  
en in jou glas die blink sjampanje vloei.

En ek is dit wat een nag sal ontdek  
wat selfs grimeringskuns nie kan versteek:  
Hoe jou gesig, deur ouderdom betrek  
verval tot masker, bitter, koud en bleek . . .



Deernis vir die werkers, die armes en die uitgestotenes gee oorsprong aan *Gebede vir 'n Goudstad*. Die siniese lewenshouding wat die mynwerker ontwikkel as gevolg van die beklemmende aard van sy werk vertolk die digter in *Saterdagavond*:

O more-aand gaan ons 'n bottel speen  
en elkeen gaan vir hom 'n meisie leen;  
en as haar hand jou in die nanag streel —  
wat skeel dit jou waar dons die ure heen?

Die eerste deel word afgesluit met die gedig *Op die Brug*. Dis die brug tussen die twee lande, tussen die oue en die nuwe, tussen die stad en die landelike. Die keuse is daar: vorentoe of terug. Maar die oorheersende drang bly terug — na die bekoorlikheid van die flonkerende stadskultuur:

Maar die hart se onrus dwing terug  
na die neon-valleie agter die brug,  
en die hart se heimwee brand en brand  
na die ou geheim van die vroeër land.

In die tweede deel nl. *Die Ou Land* gryp Mocke nie terug na die ou Boerebeskawing wat besig is om te verbrokkel nie, hy gryp terug in die meer primitiewe Bantoekultuur, in die naturelleflore, asof hy sodoende dieper tot die wesenskern van die landelike, die sober-eenvoudige kan deurdring.

Die inleidende gedigte handel, net soos by die sonnette *Die Koue Tye*, oor *Die Fluitspeler*, ook die ghoeraspeler, die Klóng of Ou Gys genoem. Hy is 'n soort natuurgod, 'n primitiewe Pan wat in noue verband staan met natuurdinge soos vrugbaarheid, huwelik, geboorte, dood. Sy lied voorspel die koms van die reën na 'n groot droogte; hy kondig die lente aan, bring groeikrag en ontwaking. Die Fluitspeler trap op die stofpad, „nêrens heen, nêrens vandaan:

Met 'n velkaros oor sy skouer gegooi  
van jakkalsvel en molvel,  
van meerkatvel  
van meerkatvel . . .

. . . .

blaas hy,  
eentonig-fyn  
dieselfde ou-ou refrein  
wat die wind sing in die fluitjiesriet  
of rank uit die keel van die kokkewiet . . .

Sy lied besit 'n besondere towerkrag: dit kondig die nuwe dag aan en bring ontwaking in die lente. *Fenduzi-Legende* vertel die verhaal van die Reëngodin wat 'n bloedoffer eis voordat die droogte gebreek word. 'n Groot fees word gehou en elke jongman moet 'n jongvrou bring waarvan één uitgekies sal word vir haar:

Sy moet die mooiste vrou wees in die land;  
haar bloed die trots bloed van die arend wees,  
en elke man sal meeding om haar hand  
en in haar blik sy hartsbegeerte lees.

Ewe-eens eg in die gees van die primitiewe volksgeloof staan die *Ballade van die sterk man*: 'n uitbeelding van die krag van die simpatiese. Gelyksoortige dinge beïnvloed mekaar. Dis ook die onderliggende beginsel waarop die rituele moord berus. Mocke slaag hier om die skerp kontras tussen die wrede, afskuwelike moord van die moderne grootstad wat op patologiese geestesverwrongenheid berus en dié afkomstig van oer-instellings en geloof duidelik te laat uitkom. Isindi, die groot Koningin het haar spraak begin verloor. Die Raad van Wyse Manne sê sy is getoor en slegs bloedmedisyne sal genesing bring. Die sterkste man in die land moet gesoek word en die keuse val op Jobaan:

Die spiere span soos kables op die stier se rug,  
maar sterker is die spiere van Jobaan;  
en sneller as die weerlig wat uit wolke vlug  
die spoed waarmee sy spies die wildsbok slaan.

Plasties en vol beweging is die uitbeelding in *Knopkieriegeveg*. Dis 'n tradisionele geveg wat jaarliks plaasvind, telkens met die doel om die vorige oorwinnaar van sy troon te stoot. Hierdie keer is dit die Bergtier, Koning van vorige gevegte teen die Musseljet:

Die Bergtier kom met kort, skerp oorlogsblaf,  
— sy kieries vleg 'n skans al voor hom uit —  
met laaste kragvaart op sy vyand af;  
die Kat syg neer — die mense skree en fluit! —  
maar nes die Tier nog weifelend oor hom staan,  
spring hy opsy, reik steil omhoog en — slaan.

Die knop tref diep: Hul sien die Bergtier spring  
of daar 'n boogveer opskiet in sy lyf;  
met spiere wat soos spanningsnare sing

· word hou op hou nou teen sy kop gedryf;  
en rillend rol hy, met sy mond vol bloed,  
tot aan die lenige musseljet se voet.

Die digter skep 'n atmosfeer van geheimsinnigheid, slaag daarin om iets van die primitiewe angs op te vang wat by die naturelle heers wanneer iets buitengewoons die aandag trek in *Legende van die Fluitgras*. Die gedig *Albino* handel oor die ongelukkige naturelle wat nie 'n swart vel het nie maar 'n wit — en rooigevlekte uiterlik as gevolg van 'n leemte in die pigmentasie van die vel. Hy word deur ras-genote verafsku en bespot as 'n minderwaardige, vernederende verskyning. Veral die kinders is wreed en ongevoelig in hulle spot:

Matielchwan! Kind van die Tokkelos!  
Jou brandsiek hond wat rondloop in die bos!  
Wit meerkat wat die rooi oogsiekte kry,  
stink rot wat nie by ander rotte bly!  
Hul sê jou ma het paddaslym geëet  
en stinkblaas deur die modder uitgesweet.  
Hul sê jou pa was 'n ou skaapstekerslang  
wat net die muis en grastinktink kon vang!

Die Fluitspeler verskyn nogmaals in die laaste twee sonnette nl. in *Droogte* en *Die Klóng*. In eersgenoemde beskryf hy die tekens van 'n heersende droogte: 'n wolkelose hemel, stygende sandhope, dwarrelwinde en hittegolwe... maar daar is hoop dat die reën sal val, want 'n vrou het die ghoera in die bos hoor sing...

Die somer gaan verby en die winde van die najaar begin waai. Maar net soos alle tekens nou op verwisseling van die jaargetye dui, net so sal daar weer tekens wees dat die lente kom, dat groeikrag en vrugbaarheid terugkeer, want alles val saam met die koms van Die Klóng:

Sy (die jongvrou) hoor die maanvoël en herken sy fluit;  
betas haar buik met teer, diep sekerheid,  
en weet dat as die ooie najaars jong,  
sal oor die eerste drif genesend streef  
die ou verbondslied wat die rietfluit speel  
en sy sal weet: Hy't terugkeer — die Klóng.

Tenspyte van voortreflike werk in die eerste deel, gaan daar vir my tog groter bekoring uit van die gedigte in

afdeling twee. Die verse is suiwerder en vry van alle gekunsteldheid. Dis asof die digter die stof meer vergeestelik en inniger deurvoel aan ons voordra. Sy liefde vir die ou omgewing, die teerheid van herinneringe uit sy jeug vind groter weerklank waar hy oorgaan tot die vergestaltung van die primitiewe as waar hy die bitterheid en wrangheid uitbeeld wat hom oor meester by aanskouing van die indringende grootstadskultuur. Maar as geheel word die gedigte 'n uiting van diepdeurvoelde skoonheid, en dit, ten slotte, die openbaring van ware digterskap.

# Adèle Naudé

## AAN DIE WIND (Vir Patrick)

Jy praat met elk 'n ander taal  
terwyl jy, swerwend, om die bome krul  
en, ontevrede, onder hulle dwaal  
om rus te vind.

Wat kan hul antwoord op jou bede,  
wat kan hul gee maar hierdie raad?  
Krul om, krul om jou eie hart  
en soek dáár vrede.

## SATURNUSFEES

Noudat die aarde diep aan somerwyn  
gedrink het, sak sy neer, ontspan,  
terwyl van haar verslakte arms  
die gerwe gly en blare stil verdwyn.

Die goue saturnalië is klaar  
en alles daal, ontbind, asof  
Die wilskrag van 'n reus verswak  
het en sy gelaat val stadig uitmekaar.

Onder 'n doodsuurlas van stilte buig  
die hemel neer, en in die verte  
begin die marmer puinhoop van  
die wolke, langsaam kanteland, ter kimme neig.

Nou hang die winter, roerloos, met sy skraal,  
gespanne vlerk, 'n kolossale  
aasvoël, geduldig wagtend op  
die aarde se geweldige verval.

## SKEPPING

(Na aanleiding van Henry Moore)

Dit was maar steen  
en nogtans met 'n krag  
wat roekeloos sy hand  
getrek het langs 'n ongewone weg  
en hom gelei het na 'n vreemde land.  
Deurdring met energie,  
begin dit sag  
ontwaak, maar groei die grens  
van sy bedoeling oor,  
ontwikkeld tot 'n wonderlike,  
hol tragedie,  
soos in daardie een  
geweldige oomblik  
toe die wilskrag eers gegee is  
aan die mens.



# Martinus Nijhoff

(1894—1953)

J. J. HUMAN

Dit is ongelukkig dat sommige digters by die verskyning van hul eerste werk deur die ordeningsgeesdriftiges dadelik „gekarakteriseer” word en formeel ’n plek in die „ontwikkelingsgang van die letterkunde” toegewys word. Afgesien van die twyfelagtige waarde van enige indeling van die letterkunde in vernuwers, oorgansfigure, voorlopers, ens., verhoed dit baie kritici dikwels om te doen wat hulle eintlik behoort te doen, nl. om die poësie self te bestudeer.

Dit blyk veral uit die werk van die onlangs gestorwe digter M. Nijhoff wat sedert die verskyning van sy eerste bundel tot oorgangsfiguur uitgeroep en sedertdien as sodanig aanvaar is. Watter wesenlike doel hierdie indeling dien by die waardebepaling van Nijhoff se poësie, is my nie heeltemal duidelik nie. In elk geval is die waardevolle kritiese literatuur oor Nijhoff juis vanweë hierdie feit besonder klein. Almal skryf oor die opsigte waarin hy ’n oorgangsfiguur is, en dit is opvallend dat die twee beste artikels oor Nijhoff, wat ek ken, ten spyte van hul doel, in meerdere of mindere mate die oorgangsfiguurteorie loën. Ek bedoel die artikels van H. A. Mulder (in *Twee Wêreldes*) en van S. Vestdijk (in *De Poolsche Ruiter*).

En tog bied Nijhoff se poësie veel wat interessant en soms selfs indrukwekkend en groot is. Ek dink aan die talryke teksveranderings, wat ’n interessante studieterrrein bied, aan sy beheer oor ritme en veral aan sy simboliek. Die simbole wat Nijhoff aanwend, is besonder belangrik vir ’n juiste begrip van sy poësie, want, soos hyself in die gedig *Mozart* sê: „De thema’s keeren telkens weer terug.” Net soos Mozart egter feitlik nooit sy temas in presies dieselfde vorm herhaal nie, gebruik Nijhoff sy simbole telkens anders, en werp dit byna elke keer nuwe lig op sy poësie. ’n Mens hoef slegs aan die simbool van ’n reis te dink soos dit voorkom in *Pierrot aan de Lantaarn* (sien die belangrike toneelaanwysing wat een van die sleutels tot die werk is), in *Het Veer* en in *Awater*.

Ek wil probeer om hier kortliks enkele voorbeelde waarin Nijhoff die simbool van die kind gebruik, na te gaan. Dit is een van die sentrale simbole in sy poësie en werp ook

interessante lig op die ontwikkeling van sy kuns. Ek het drie verteenwoordigende voorbeelde gekies waaruit dit hopelik sal blyk hoe sy poësie verander het en hoe daardie verandering in sy gebruik van dieselfde simbool weerspieël word.

Ons tref die eerste verwysing na die kind aan in die sonnet *De Eenzame* wat in *De Wandelaar* voorkom. Hy gebruik die simbool in die laaste vers van die sonnet:

Ik ben een stille man waar God mee speelt,  
Zoodat ik 't leven als een waanzin zie —  
Maar soms is alles schoon en alles goed:

Ik sta voor 't raam en hoor een melodie  
Die in me dringt en mijn hert bersten doet:  
Hoor hoe hiernaast een kind piano speelt.<sup>1</sup>

Hier moet 'n mens sy *Brief aan een meisje, In memoriam Johan van 't Lindenhout Jr.* in gedagte hou. Van 't Lindenhout was heeltemal ontnugter deur die brute geweld van die oorlog en, volgens Mulder, „(konden) 't lied van 'n vogel, 'n meisje, 'n stuk muziek hem soms plotseling smartelik aan het verloren geluk herinneren.” (*Twee Wêrelde*, bl. 141). 'n Dergelike gemoedstemming kry ons hier. Weliswaar openbaar die eerste tersine 'n sekere romantiese selfbejammering, maar dit is opvallend dat die kind en die musiek gebruik word om deur kontraswerking die gevoel van wanhoop te aksentueer. Die laaste vers van die eerste tersine is oënskynlik uitsonderlik, daar dit nie die toon is wat hierdie bundel kenmerk nie. Die tweede tersine is 'n uitbreiding van die aanduiding „soms is alles schoon en alles goed,” nl. die verwysing na die kind wat klavier speel. Nou moet dit duidelik wees dat die assosiasies eie aan die simbool (onskuld, opregtheid, ongekonsteldheid, onvoorwaardelike geloof) hier spesifiek gekontrasteer word met „man” en „speel.” Laasgenoemde woord (soos dit voorkom in die eerste aangehaalde reël) moet, na my mening, hier vertolk word as „treiter” of „terg.” So verbeeld die eerste en laaste reël van die aangehaalde sestet 'n kontras tussen twee aparte wêrelde en dit is veral daardie kontras wat hy wou uitbeeld. Die uitsonderlikheid van die reël „maar soms is alles . . .” blyk dus inderdaad oënskynlik te wees. Hy het die simbool hier gebruik as 'n aanduiding van sy verlange na wat hy verloor het; vandaar die byna fisiese gewaarwording van pyn (in die voorlaaste vers).

1. Ek maak gebruik van die vyfde druk, 1947.

Dat die kind in hierdie bundel vir hom veral die simbool is van eenvoud, opregtheid en ongekunsteldheid, blyk heeltemal duidelik uit die volgende:

„En ik ben weer een kind na deze nacht.  
Wees goed voor mijn eenvoudigheid, die zacht  
Spreek als een schilderij der middeleeuwen.

(Con Sordino)

In die bundel *Vormen* tref ons in 'n groot mate nog dieselfde toon as in die eerste bundel aan wanneer hy verwys na die kind. Nog altyd is dit die groot kontras tussen kind en volwassene wat hy in die gedigte uitbeeld, maar die volwassenes is altyd 'n verpersoonliking van homself. Ons vind dit in *De Kinderkruistocht* waar die grootmense die kinders soen

... weenend om het woord  
Dat de kinderen lachend hadden gehoord.<sup>2</sup>

Vir die digter bied die wêreld smarte en probleme wat vir die kind nie bestaan nie. Die kind is argeloos, sy hart „zoo warm en los...zoo buiten de wereld en roekeloos” dat 'n blote verwysing na hom 'n atmosfeer skep waarmee die gedagte-wêreld van die digter in skrilte kontras staan: hy is die eensame, verbitterde man wat

Het hart tot de onvruchtbare plek omspitten,  
Pooltochten droomen en gedichten maken...  
(Levensloop)

Daarom dat Pierrot weer kind word nadat hy selfmoord pleeg en die wêreld wat vir hom „ontzettende grimassen wrong” aflê:

Het word een droom als kinderdromen:  
Moeder, de witte engelen komen —  
Zij spijkeren mij los van 't kruis —<sup>3</sup>

Hierdie obsessie met die eenvoudige lewe van die kind bepaal in 'n groot mate die atmosfeer van sy eerste werke. Sy gebruik van die simbool bereik egter 'n hoogtepunt in die gedig *Zwerver en Elven* (in *Vormen*) en dit is die tweede belangrike voorbeeld wat ek aanhaal:

2. Vierde druk, 1946.  
3. Tweede uitgawe, 1936.

In die eerste plek wil ek hier wys op die effek van die beweging wat as gevolg van die enjambement „het/Kind”, met die nadruk op „kind”, besonder rukkerig en hortend is. Die simbool kry ook ’n verdere betekenisvlak by deur die verwysing na Christofoor waardeur die kind ook simbool word van Christus en die reddende genade van Sy leer. Dit is vir my nie slegs ten gevolge van ’n tipografiese toevalligheid dat die eerste „kind” met ’n hoofletter en die tweede met ’n kleinletter gespél word nie (of anders het ons hier ’n sonderlinge voorbeeld van hoe ’n toevalligheid ’n integrale deel van ’n gedig se simboliek kan word). Ek glo nie dis vergesog om aan te neem dat die digter die eerste maal na Christus verwys en die tweede maal weer die bekende simbool van die kind aanwend nie, maar dié keer sterk beïnvloed deur die godsdienstige atmosfeer wat geskep is. Albei is vir hom verlore en hier is die twee wat trouens self baie ineengestremel is („Laat de kinderen tot mij komen,” haal hy aan in *De Kinderkruistocht*), naasmekaar gestel. Hierdie twee verse sê meer as baie van die gedigte uit *De Wandelaar*.

Dit is merkwaardig hoe Nijhoff hom in sy laaste werke al minder met homself en sy persoonlike probleme besig gehou het. In *De Soldaat en de Zee* beeld hy daardie verandering wat sy digkuns ondergaan het, uit en sedert *Nieuwe Gedichten* staan sy werk in die teken van hierdie vernuwing. „De tijden zijn niet meer als vroeger,” verklaar die kelner in *Awater* en in sy laaste gepubliseerde werk, *Het Heilige Hout*, sê Eva: „Al het oude is nu voorbij.” Ons bespeur hierdie verandering ook in sy aanwending van die simbool onder bespreking. In sy eerste werke verteenwoordig die kind vir hom persoonlik sekere dinge en hy gebruik die simbool om sy, ’n mens kan byna sê private, gevoelens uit te beeld. In welke mate hyself in die agtergrond getree het en sy poësie van sy private gevoelens losgemaak het, blyk uit sy aanwending van die simbool in *Het Uur U*, die gedig wat m.i. naas *Awater* die hoogtepunt van sy kuns verteenwoordig.

In hierdie gedig beeld hy ’n situasie uit waarin die inwoners van ’n straat as gevolg van die verskyning van ’n vreemde man ’n oomblik van hoogspanning ervaar. Hulle besit meteens ’n verhoogde sintuiglike waarnemingsvermoë en lank onderdrukte emosies maak hulle weer voelbaar, maar alles verdwyn weer sodra die man verder loop en

„men ademde als verlicht / het amen na van een preek.”  
Die man stap egter verder aan en bereik 'n groep kinders.  
Die kinders vorm dadelik 'n kontras met die volwassenes:  
hulle is heeltemal onbewus van die spanninge wat die man  
met hom meebring (wat vergelyk word met die Uur U,  
die geheim gehoue oomblik waarop 'n offensief geloods  
word). In elke opsig is hulle anders as die volwassenes  
wat soos uile agter die vensterruite sit en loer; hulle vind  
in alles wat hulle doen genot:

... soms staan ze maar  
en praten wat met elkaar,  
de woorden zelf zijn plezier.<sup>4</sup>

Die kinders is die verpersoonliking van die *natuurlike*  
mens. Van die meisie sê hy: „alles aan haar was natuur”  
en haar hare is „te argeloos nog voor fatsoen” — sy is nog  
nie in die groef van die volwassene wie se lewe deur fatsoen,  
mode en uiterlikheid beheers word nie.

Die grootmense het die man slegs agternagestaar, één  
oomblik van intensiewe lewe ervaar en toe weer teruggesink  
in die alledaagsheid van hul bestaan. Die kinders begin  
egter die man te volg en speel terselfdertyd 'n kinderspel.  
Dit is hier waar ons werklik bewus begin word van die  
simboliek van die man. Hy is een oomblik Christus wat  
deur die volwassenes verwerp is maar wat gesê het: „Laat  
die kinders na my kom” en wat sy volgelinge gemaan het  
om weer soos kinders te word as hulle sy koninkryk wil  
ingaan. Die man word die verpersoonliking van alles wat  
die volwassenes nié is nie: iemand wat intensief lewe, wat  
nie in die groef van eenselwige alledaagsheid en kleinlikheid  
verkeer nie. Hy kan die digter self wees wat jou uit die  
gewoonheid van jou bestaan wegneem en die gees „in verge-  
zichten” laat dwaal. Dan weer neem hy die gestalte aan  
van die Rottevanger van Hamelin wat redding vir die  
volwassenes gebring het maar as wraak vir hul ondank  
en hul verwerping van hom, die kinders weggevoer het.  
Inderdaad het ons hier 'n taamlike verwante situasie. Vir  
die inwoners van die straat het die man wel 'n groot diens  
bewys:

Een ogenblik had de geest  
in vergezichten gedwaald  
en was, door het oog van een naald,  
als de kemel, binnegegaan.

Hierdie passasie laat die klem natuurlik ook sterk val

4. Tweede druk, 1946.

op die Christelike simboliek van die man want deur sy verskyning het die bykans onmoontlike plaasgevind: die gees het, soos die kameel, deur die oog van 'n naald gegaan en die Christelike waardestelsel word in die herinnering geroep.

Die volwassenes het hom en sy heil egter verwerp, en as die kinders hom begin volg, herinner die situasie baie sterk aan Hamelin. Die groot verskil is egter: die man vat die kinders nie weg nie; hy laat hulle weer terugkeer na die straat waar hulle uiteindelik ook soos die grootmense sal word. So word die oordeel vernietigender as dié wat Hamelin getref het.

In hierdie gedig beroep Nijhoff hom nog op die kenmerkende assosiasies van die simbool, maar hy lê deur suggestiewe verwysings klem op sekere assosiasies terwyl hy in ander meer bepaalde assosiasie (Hamelin) deur die opset van die hele gedig suggereer en ook aan die assosiasie 'n wending gee. In hierdie gedig word die simbool nie net meer gebruik om sy eie problematiek uit te beeld nie, maar het dit gegroei tot 'n vernietigende oordeel oor 'n beskawing waarin menslikheid en natuurlikheid verdwyn het en waarin die moontlikheid van redding ook heeltemal gering is. In 'n sekere sin staan die gedig dan nog in die teken van *De Kinderkruistocht* met sy gebed: „Pater infantium liberet vos.”

Hierdie artikel is uit die aard van die saak sketsmatig en onvolledig. Dit is juis 'n aanduiding van die grootheid van Nijhoff dat 'n mens dit onmoontlik vind om binne die bestek van 'n kort artikel alles te sê wat jy voel wat gesê kan word. Die Nederlandse letterkunde het een van sy belangrikste figure verloor.

Ik heb respect voor den tzigaan  
Die met zoo 'n kunst ons hart ontroert  
Dat hij ons, uit onszelf vandaan,  
Naar een geheim ontvoert;

Maar meer nog voor den virtuoos  
Die, waar hy aanraakt, musiceert,  
Die wat hard is en levenloos  
Tot instrument verkeert.

(Klein Prélude van Ravel).



# G. Jezelijn

## DES NACHTS

Ik trad in wijde, bloemversierde zalen,  
Uit engten komend in de tere brand  
van rozen, die voor immer ons omstralen  
Sinds ik u weervond in vergeten land.

De maan besluipt u bij het ademen,  
verstart uw lichaam met kristallen hand.  
Verstild, doet uw gelaat mijn zinnen dwalen  
en ik zie dood aan slapen na verwant.

De dood staat bij de rozenhaag te dralen  
en wikt of hij mij niet reeds vroeger vond  
en liet ontvallen aan zyn snoer van kralen.

In sluimer hebt gij tastende uw mond  
geheven en uw armen vastgeslagen  
en mij welhaast tot wenens toe verwond.

## THUISKOMST

Ik zwierf, mijn lief, langs eindeloze straten,  
Mijn leven wist ik veilig aan uw ruit;  
ik kon het niet in bitt're verten laten  
daar gij mij, leedverzwegen, hebt verbeid.

Ik kom, mijn lief, van ver. Een streek, verlaten  
als al de doden in haar uitgespreid.  
Uw zold'ring is vervuld van hun gelaten  
en aan uw boezem murmelt hun verwijt.

O zeg mij, lief, dat ik niet heb verraden  
hun starre ogen en hun dorre hand  
door u te minnen en de dood te haten!

De herfststorm heeft de blaad-ren overmand,  
verdord de weke bodem ingeslagen.  
Aan uw verlichte ruit ben ik beland.

# Die Verstoteling

JOCHEM VAN BRUGGEN

Op die oomblik is dit die omkeer van Genoveva se gemoedsrus toe sy die voordeur van haar tant Hendrina se huis op Withoogte, agter haar toeklap, sonder dat iemand haar afsien. Sy het vinnig daaruit gekom, intens bewoë, sodat haar tante, nog haar niggie, by haar skielike vertrek 'n voet kon versit. Onbewus vat sy 'n heeltemal verkeerde koers, pleks dat sy na Oupa en Ouma se huis gaan, waar sy vanaf haar babaskap grootgeword het, altoos gewoon het totdat sy na die hoërskool moes gaan en in 'n meisiekoshuis saam met niggies en vriendinne gebly het. Die ou woning is nie ver nie, die voetpad lê breed-oop en mooi. Dis reeds naby skemertyd en in die hartjie van die winter. Sy het op die oomblik geen gedagte aan tyd of omgewing nie. Dis asof die wêreld sy rugkant vir haar gegee het. Sy stap sommer deur die veld en sy stap stadig, voel sku om iemand te ontmoet.

Genoveva was 'n egaal gemoedelike kind, gesond en lewenslustig. Haar niggies op Withoogte was haar maats, seunsvriende het sy nooit gehad of gesoek nie. Jongetjies was vir haar altoos te ontydig en laf; selfs op die hoërskool het sy hulle vermy, nieteenstaande hulle haar gesoek het, want sy was 'n mooi soepelgeboude meisiekind wat skrande in die klas was, aantreklik van geaardheid buitekant die skool en baie bruikbaar in die atletiek, die oë van groot seuns en selfs onderwysers getrek het. Hoewel haar meisie-maats wel vriende vir haar was, het hulle tog inwendig in sekere mate afgunstig geword op haar persoonlikheid. Wanneer die skugtere vyandigheid altemit haar opgeval het, was Genoveva onverskillig daaromtrent. Sy het niks van agterbakse verhoudings en praatjies gedink nie, nes Oupa en Ouma, wat dikwels in haar teenwoordigheid gesê het dat agterafgekekkel soos 'n hoenderhaan se kraai is; as een begin, kraai al die ander hane netnou; maar dit versteur nie 'n broeiën nie. Sy voel tevrede met haar vordering op skool en weet dat sy aan die matriek reeds vat.

Withoogte kan alreeds beskou word as 'n dorpie. Dis naby die Rand. Dis nie meer 'n plaas soos twintig jaar gelede nie, toe die bewoners almal nog geboer het en die okkupasies yl versprei was. Die plaas is opgesny in erwe en altoos word gebou en trek nuwe mense in. So het dit vir die laaste drie, vier jaar gegaan. Tog voel 'n mens daar asof jy nog op 'n

plaas is, in die ruimte, vry en gesond. Vroeg in die more gaan almal wat in die myne, winkels of kantore op die Rand werk, na hul verdienste toe en saans teen sononder kom hulle weer terug. Die kinders wat hoër onderwys ontvang, bly in die kosskool; net gedurende party naweke en vakansies is hulle by hulle ouers of familie tuis. Genoveva het veertien dae gelede met die wintervakansie gekom; nog omtrent solank kan sy by Oupa en Ouma bly. Haar moeder het sy nie gesien nie. Sy werk in Johannesburg. Selde kom sy Withoogte toe. Haar vader ken sy nie. Scos sy gehoor het, het hy voor haar geboorte in die myn verongeluk. Niemand praat van haar vader nie; daar moet glo geen portret van hom bestaan nie. Vir haar is Oupa en Ouma ook haar eie ouers en sy het hulle lief, so te sê meer as wat sy haar moeder lief het. Dis seker so omdat sy haar eie moeder so selde sien. Sy het nog nooit intiem met haar eie moeder gesels nie; wel met Ouma en die het haar eintlik vertel dat haar vader in die myn verongeluk het. Hoe lyk hy? Nee dit kon Ouma nie beduie nie. Wel, dis daarnatoe; Genoveva het nie meer daarvoor gedink nie. Sy weet dat moeder darem geld stuur vir haar skoolbehoefte en klere en as sy haar op Withoogte sien, dan is moeder darem baie lief vir haar. Sy weet dat moeder 'n knap vrou is. Sê nou dat moeder eendag weer trou... Sy is solank reeds weduwee... Genoveva loop baie selde met sulke gedagtes rond. Moeder is goed en Oupa en Ouma is baie goed vir haar. Niks kwel haar nie; sy voel gelukkig tot vandag, op daardie oomblik in tant Hendrina se huis, en veral op daardie oomblik toe sy die deur agter haar toeklap en alleen, sonder sinne in die veld van Withoogte koersvat...

Sy en haar niggie het daagliks met mekaar omgegaan. Hulle was amper elke middag ook in tant Hendrina se huis. Ook so te sê elke dag by Oupa en Ouma. Die tante help, sy en haar niggie sit ook hand by wanneer Ouma iets wil laat doen, of wanneer Oupa vark slag en dit doen hy altoos in die wintervakansie. Maar vandag het niggie gedwing dat hulle by haar ma moet koffie en beskuit eet in die agtermiddag. Tant Hendrina wil dan kastig vir haar 'n geheim vertel waar niemand van mag hoor nie. Wel, Ouma het selfs nie geweet dat sy nou spesiaal na tante toe gaan nie en hulle twee is daar weg, sonder om iets te sê. Tant Hendrina het dadelik na hulle ingekom en gaan sit en sommer begin met: „Ja ou Vevatjie, as ek jou dit nie vertel nie, dan sal jy... Wag eers ons sal net wag tot ons koffie drink. Driena, gaan skink jy vir ons koffie in.”

Die niggie staan teësinnig op. Genoveva kan dit sien.

Driena gaan teësinnig na die kombuis toe en tante maak die kamerdeur agter niggie toe, kom haastig terug en sê: „Sy mag dit nie hoor nie. Ek sê: as ek jou nie die geheim vertel nie dan sal jy dit later van 'n verkeerde kant hoor. Daar is ander mense wat ook van die geheim weet en hulle sal nie altoos verstandig daaroor praat nie. Ek voel dat dit vandag my plig is om jou in simpatie alles te vertel en ek voel ook dat jy dit in vriendskaplikheid sal opneem, omdat jy jou gesonde verstand het en so te sê reeds jou matriek het en omdat jy na matriek altemit die wêreld sal ingaan. Jy moet op hoogte van jou sake wees.”

Genoveva het haar aangestaar. Wat beoog die tante? „Baie dankie tante! Wat is die geheim? Tante maak my werklik baie nuuskierig.” Sy voel onbegrypbaar dom; hoekom mag Driena dit nie hoor nie?

„Kind, dis hard vir my om dit te sê; maar ek moet dit sê; ons het jou vader nooit gesien nie. Jou moeder wou ons nooit vertel wie jou vader is nie.”

„Hoekom sê tante my so-iets? Ek gaan vir Ouma vra . . . Hoekom het Ouma my nooit die waarheid vertel nie?” Sy staan op toe Driena die kamerdeur oopmaak en met die koffie kom. „Ek gaan nou sommer loop. Tante nee dankie, ek wil geen koffie hê nie.” Genoveva sien dat haar niggie se hande beef toe sy die koppies neersit. Driena kyk haar nie aan nie. Die niggie het gestaan en luister. Driena weet alles . . . „Ek loop!” Sy is sonder verder woorde weg. Die tante is totaal oorbluf en daadlik baie spytig dat sy gepraat het. Driena is ook oorbluf kombuis toe. Sy weet; sy het geweet; maar tog moes sy staan en luister. Innerlik voel sy tevrede. Nou sal ou Evatjie haar voor-op-die-waskap moet laat staan. Geen jongetjie sal meer na haar kyk nie, want wie sal dit doen as die waarheid bekend raak? Dis asof opeens die werklike waarheid met sy onherstelbare onheilgevolge besit neem van Genoveva se gees toe sy die voordeur toeklap agter haar. Die geheim sal more oor die vlakke swerf . . .

Sy staan besluiteloos 'n rukkie voor die huis. Waarheen? Geen gedagte in haar kan 'n rigting aanwys nie. Die openbaring wat sy sopas aangehoor het, was verpletterend vir haar wese as kind; dit bring direk kontak met moeder en die ontstaan van haar as kind. Moeder het gely deur daardie ramp. Moeder was bedroë en verlei. Nou staan haar kind hier op haar geboorteplaas ook as vroumens voor dieselfde gevare van haar lewe. Tant Driena was verstandig om die geheim te vertel. Genoveva moet dit as vroumens weet; dis beter as om later deur skindergerugte gekwel te word.

Nou kan sy aanstap deur die veld; die ruimte sal berusting gee en moed om haar donker toekoms in te gaan, want die wêreld gee nou sy rugkant vir haar.

Genoveva voel nie meer soos 'n kind nie. Ineens het haar liggaam en gees ryp geword asof sy 'n volwasse jongdogter is, ontvanklik vir die onbekende wat voorlê, opstandig teenoor die openbaring van sopas en hunkerend na drange wat in haar wese opstoot, sodat sy die volle lewe van 'n vroumens verstaan. Haar moeder het 'n prooi geword van die valsheid wat haar vroumenslewe bekruipe en vernietig het, waardeur 'n nuwe lewe voor dieselfde ramp te staan kan kom. Gevaarlike probleme, wat haar moeder omring het, swerm deur haar gedagtes, sodat sy dralend aanstap om met haarself te kan redeneer oor iets uit haar verlede wat duister is en opheldering vra.

Sy is gebore op hierdie plaas. Haar moeder moes beskerm word. Genoveva is, vir die oog van die wêreld, Oupa en Ouma se kind, totdat die wêreld se oog nie meer noukeurig sou opmerk nie.

Hoekom is haar naam Genoveva? Geen niggie of tante van haar het die naam nie. Sy het wel die boek gelees wat die titel dra, en Genoveva was die naam van 'n half heilige vrou wat in 'n grot met haar kindjie gewoon het. Bokmelk het die kindjie grootgemaak. Maar hoekom moes sy die naam gekry het? Ouma het die boek gelees; moeder seker ook. Nou sy die felle duidelikheid gekry het, moet sy rondtas in gebeurtenisse van haar lewe; Ouma sal haar baie kan vertel.

Sy sal maak asof tant Hendrina haar niks vertel het nie. Die geheim moet vireers haar geheim bly. Tant Hendrina was openhartig en dis goed, al was sy self so woedend toe sy die waarheid van haar tante verneem . . . Genoveva kom tot haarself en sien dat dit reeds skemer word. Die huis van Oupa-hulle lê ver. Hulle kan bekommerd word oor haar. 'n Vroumens mag nie in die skemer deur die veld dwaal nie. Hulle het reeds ligte opgesteek. Sy stap vinnig. Tant Hendrina en haar dogter kom van Ouma af. Hulle was natuurlik besorg oor haar. As hulle maar net nie van die geheim gepraat het nie, want dit sal tog die eintlike rede van hulle besoek gewees het. Verskoning aanbied; nig Driena nogal inkluis; die skuld op Genoveva gooi. Ouma se kastige kind het mos van hulle af weggeloopt soos 'n verstoteling, omdat haar vader onbekend is . . . Ja, selfs in Ouma se huis sal die kastige kind van nou af soos 'n verstoteling wees, al is die twee ou mense vol liefde, soos 'n vader en moeder vir haar.

Genoveva kom die voorhuis binne. Die tafel staan reeds



gedek. Oupa sit ook al op sy plek. Ouma het egter, toe sy binnekom, haar ontglip, kombuis toe, sonder om 'n woord te sê. Sy sou op ander aande seker haar beveel het: „Vevatjie bring jy die koffie vir ons.” Altyd sorg die kind vir die dekkery as daar geëet moet word. Ja, Ouma weet alles, maar Oupa nie, want hoekom vra hy: „Hoekom so laat? Dis donker en ongeregtheid dwaal in die duisternis, my kind.”

Sy moet maar daadlik prontuit vir hom vra: „Oupa ek het onnodig rondgedwaal, want ek het diep gedink: Hoekom is my naam Genoveva, Oupa? Geen sterfling in Oupa se ganse familie het so 'n naam nie.”

Hy kyk klaarblyklik versteurd vir enkele sekondes na die dak en sê met 'n verhelderde blik en baardbedekte glimlag: „Dis die mooiste naam wat jy ooit kon gekry het. Genoveva was 'n eerbare vroumens, so te sê 'n halwe heilige. Sy was mooi ook en het in 'n spelonk gelewe met haar kind. Dis of Gods gees in die spelonk rondgedwaal het, want God stuur 'n bok, wat in melk is, en daarmee is die kind toe grootgemaak. Elia moes in sy verdrukking ook na 'n spelonk toe vlug. Daar het hy God ontmoet na die ruising van 'n stadige koeltetjie, sodat God hom na Israel terug kon stuur met Sy boodskap en 'n opdrag om weer teen die Baäls-priesters op te tree.”

Ouma het met die koffie ingekom, dit op die tafel neergesit, voordat sy met 'n diep sug gaan sit en Oupa bekommerd aankyk, want haar man het nog nie klaar nie. Hy moet nog iets byvoeg uit die ondervinding van sy eie lewe. Ouma weet dit. Genoveva ook, en altoos moet sy daarna luister. Toe Oupa weer begin, sit Ouma haar opgesteunde regterhand voor haar oë. Genoveva voel dat Ouma deur haar vingers vir haar loer; net om te sien hoe sy op Oupa se bewonderenswaardige vertellings reageer.

Maar sy reageer nie soos Ouma dit begeer nie. Genoveva weet mos nou die waarheid. Genoveva is 'n naam soos Violet. Dit het mos mode geword om familiename te vervang. In haar geval was dit noodsaaklikheid. Wie wou gehad het om deur haar vernoem te word?

„My kind, dis wonderlik, soos Genoveva moes ek ook eendag gedurende ons Boereoorlog in 'n grot vlug, net soos my vinger alleen. Daar het ek ook so te sê met God gelewe, want my siel was eensaam en verlangend na die onsigbare, wat ek duidelik gevoel het om my swewe. Twee dae en drie nagte het ek daar deurgebring. In die spelonk het ek die gesig gesien dat ek en jou Ouma eendag 'n kind sal kry wat ons die naam van Genoveva sal gee, want ek het ook die



aanwysing ontvang dat hierdie einste Ouma my vrou sal word. Tog was ek glad nie bang of bevrees in die spelonk nie; ek was hoopvol soos Genoveva was. Dit is regtig die mooiste boek wat ek gelees het. Wat sê jy ou vrou? Is dit nie so nie?"

„Ja, my ou man, dit is.” Ouma se hand het haar oë verlaat. Genoveva voel dat dit nie so is nie. Sy voel ook dat Oupa se vertellings van sy ondervindings meesal net verbeelding was. En dat Ouma hom altoos onderdanig glo, is pragtig. Die spelonk het hulle kastige kind se oë oopgemaak. Sy voel dat sy niks meer as in skyn geleef het nie . . . „Reken bietjie, vrou: Genoveva wil weet hoekom haar naam so is en dis die dat sy buite in die donker rondgedwaal het.”

Hierop word Ouma darem selfbewus. Regop in haar stoel sê sy driftig, wyl haar oë skerp na Oupa kyk: „Wat se befoeterde affêre belewe ons vandag? Hendrina het ons kind onnodig omgekrap.”

„Ek is nie julle kind nie, Ouma. Ek wens in my siel dit was so! My kastige pa het nooit in 'n myn verongeluk nie. Oor sestien jaar lewe ek, gedra deur 'n leuen. Ouma, ek voel asof ek van nou af in 'n spelonk gaan woon, want die wêreid gaan my verstoot . . . Regtig, ek verlang na my moeder; ek dink dat ek by haar pas . . .”

Oupa spring heftig orent, stap na die voordeur en sê: „Hoekom moes Hendrina vandag die geheim uitblaker wat oor die sestien jaar al hier 'n opgepaste geheim was? Almal van ons het dit so te sê al vergeet. Ek gaan Hendrina nou bydam.”

„Moenie, my man, bly hier. Hendrina se man is nou ook daar. Jy gaan moleste maak, my man. Gaan liewerster morevroeg.”

„Goed! Onthou my net dat ek soontoe gaan. Hendrina moet op haar plek gesit word. Hierdie onheilige affêre moet in die kiem gesmoor word. Geheim . . . wat se geheim is dit? Ons kind sal nie in 'n spelonk soos Genoveva lewe nie. Hier is haar tuiste . . . Wat se verstoteling-gelollery is dit? Kom ons gaan eet. Ek is geen man vir moleste nie.”

Genoveva het onder die struweling, wat vir haar pynlik was om aan te hoor, kombuis toe gegaan en voor die stoof gesit. Dit was daar warm, sy wou liewerster alleen bly en die winteraand is koud. Sy wil nie eet nie. As Oupa vanaand wil boekevat, sal sy kom. Maar Oupa het nie. Die oumense se gemoed was omgekrap en onbekwaam vir die Bybel; so het Genoveva haar alleenbly uitgelê; ook die nagsê van hulle in die kombuisdeur, kort na hul ete.

Sy voer die vuur en dink aan moeder wat haar pad alleen

veg in Johannesburg. Dit sal haar bestemming ook wees. Withoogte is te klein vir 'n verstoteling; in die Goudstad is alles groot en ruim en vreemd; daarin kan sy met moeder saam verdwyn en goed lewe. Tussen baie mense bly jy onbekend; die lewe is jou skool; jy het mense nodig en hulle kan nie sonder jou klaarkom nie wanneer jy bruikbaar is. Sy sal probeer om haar matriek te haal vanjaar. Nog net ses maande... Sy het lank so in gedagte voor die stoof bly sit; die vaak het haar nie bygetrek nie; selfbewus het sy as groot volwasse dogter kamer toe gegaan, volgroeï ook as haar planbestuurder.

Oupa het geen moles gemaak nie. Ouma het hom aan niks herinner nie. Gelukkig dat dit so is, dink Genoveva. Oupa is soos altyd, bang vir rusie. Dis die krag in sy bestaan. Baie mense sou sy vyand geword het, as hy, soos hy soms voel, wil bydam en opfoeter. Hy keer hom net bytyds, of Ouma keer hom as hy dalk net wou... Die geheim is binne die veertien dae, wat Genoveva nog op Withoogte moet bly, aan almal daar bekend. Sy gaan skool toe, en ook daar is haar geheim bekend binne enkele weke; selfs die onderwysers weet daarvan. Genoveva kan dit merk aan vriende van voorheen en in die skoolbank. Sy voel dat sy vermy word, gesprekke stilstaan wanneer sy daarop afkom. Aan sport en atletiek voel sy sku om te dink. Sy dink, dink net om weg te kom... Sal sy Matriek kan haal?... Haar moeder kom meer en meer op die voorgrond. Voor die Matriekeksamen skryf die prinsipaal vir Oupa dat Genoveva na haar moeder is en hy dink dat dit onder omstandighede die beste is.

Soos 'n verstoteling het Genoveva haar moeder in Johannesburg ontmoet. Die ontmoeting was sieltreffend. Hulle het mekaar verstaan.

# *Kwatrijne*

VINCENT VAN DER WESTHUIZEN

ADAM

As ek uit hierdie swynpoel op moet staan  
om halfnaak na die Tuin terug te gaan,  
wag daar 'n ring, 'n vetgevoerde kalf,  
of sou die blinkswaard-engel nog daar staan?

ISKARIOT

Sy naam staan as 'n vloekwoord neergeskryf  
in bloed, en vir die Wrok dien hy as skyf —  
tog, onontbeerlik vir die Reddingsplan,  
was hy 'n skakel in 'n Godsbedryf.

STRAATPREDIKER

Met koorsgloed in sy oog, rou, haatlik hees,  
so raskal hy oor waar die weg moet wees—  
die vuiseswaai, die spierwit kneukelknop  
staaf hierdie oerkreet van sy eie vrees.

KROEGGANGERS

Hier drom dit saam, soos bye om 'n koek  
van dié wat soet vergetelheid kom soek —  
die drif laai hoog, en, spoedig uitgevlam,  
braak hul die roes uit op die straat se hoek.

TEATERGANGERS

Die halflig in die altyd-vreemde saal  
ontruk hul aan die son se soeklig-straal,  
hier waar hul, sonder denke, droom of drang,  
wit wense uit 'n linnedoek kan haal.

# Boekbespreking

SWART PELGRIM, deur F. A. Venter. (Die Boek-van-die-Maand-Klub, Posbus 9947, Johannesburg, 1952).

Ons tyd staan in 'n groot mate in die teken van rassestryd en rasssimpatie. Hierdie teengestelde verhoudings, soos hul direk of uit omstandighede spreek, word deur Venter in *Swart Pelgrim* tot 'n brandpunt verenig in die ongerepte gemoed van 'n jong, landelike naturel wat vanuit sy eie, afgeleë gebied die groot stad van die witman en van sy verstedelike rasgenote binnegaan.

Dit is die verhaal van Kolisile. Omdat die grond te uitgeput geraak het om sy familie te dra, besef hy dat hy sal moet uit-spring om geld te gaan verdien, geld ook om die grond weer reg te maak soos die witman leer. Sy ou vader, wat teenstribbel, haal hy oor deur te belooft dat hy sy broer Mfazwe, wat lank reeds weg is, terug sal bring.

So gaan hy na die Goudstad wat hom sal rondslinger en vermink. Hy werk in 'n myn. Dan wil hy na sy broer gaan van wie hy allerlei slegte dinge hoor, maar onderwyl hy werk soek by 'n huis aan die stadsrand, word 'n hond op hom gesit deur 'n vrou wie se man deur naturelle vermoor is en hy kom nouliks met sy lewe daarvan af. By Mafasoe, die blinde mandjievlegter, en Miriam, sy aanloklike, geheimsinnige, maar goedhartige vrou, word hy in die plakkersdorp verpleeg. Hy woon by hulle in en Miriam laat die gedagtes aan sy eie vrou en kinders tot skuldgevoelens op die

agtergrond word. Sy word egter gevange geneem weens skokiaan-handel en dan verkoop Kolisile die mandjies van Mafasoe, die sagsinnige man wat uit dankbaarheid vir een weldaad die regs-kapenheid van die blanke bly verdedig. Maar Kolisile begin op-standig voel en Jackson, die agitator, probeer hierdie gevoelens uitbuit. 'n Oorstromingsramp tref dan die plakkersdorp. Verskuiwing daarvan lei tot 'n bloedige botsing met die polisie, waaraan Kolisile lustig deelneem. Hy besluit om na sy broer te gaan, wat die gevreesde hoof van 'n rowers-bende is, en word lid van die organisasie. Hul lei hom op en voed sy haat. Maar telkens in die stilte, as hy tot besinning kom, dink hy aan sy land, aan Miriam en die voorbeeldige Mafasoe en voel hom ongelukkig in sy nuwe kring. En as sy eerste rooftog op mislukking en botsing met Mfazwe uitloop, gaan hy terug na die myn, waar hy in 'n ongeluk sou omgekome het as blankes hom nie gered het nie. Vermink, maar dankbaar keer hy na sy land terug.

Dit, in breë trekke, is die draad van hierdie pakkend geskrewe roman. Dit bestaan, soos daaruit enigsins opgemaak kan word, uit 'n aantal min of meer losstaande en toevallige avonture wat in die onsigbare band van 'n oorspronklike doelstelling hul samehang en sin het en in omstandigheds-faktore hul werking in ander rigtings. Hierdie strukturering bring mee dat die verhaal voortdurend gedra word deur 'n meervoudige

spanning: rigtingspanning tussen opset en situasie en onderlinge spanning tussen die momente van die situasie self.

Die tekening as sodanig verloop veelal as die geleding van 'n insluitende gegewe, as uiteenleggende verdieping, veraanskouliking en afronding. Dit is die kader waarin bv. 'n indruk of stemming so dikwels uitloop in 'n aanskoulike vergelyking van landelike aard. Vgl. bv.:

*So storm die een gebeurtenis na die ander hom, soos 'n groot, rooi os wat op jou toeloop en dan wegswaai en wegharloop, met sy stert in die lug. (p. 230).*

*„Die wit man het hulle (die mynhope) gemaak?” Sy vraag is sommer soos 'n verdwaalde kalf wat by die trop beeste aangesluit het. (p. 20).*

*Maar dit het alles laf en kragteloos geword, soos bier wat nie gegis het nie, wat nie soos fyn grasspriet op die tong steek nie. (p. 230).*

Verder is daar 'n fyn weefsel van woordassosiasies wat onmerkbaar 'n sterk sfeer skep. 'n Mens kom dit eers agter as jy 'n bietjie noukeuriger gaan let op die wyse waarop 'n situasie opgebou word. Laat my dit met 'n kort voorbeeld toelig:

*In die wit son van die winter glinster die stad blank en groot en skoon, toring hy uit die aarde omhoog, met die hoekige skouers van sy massiewe strukture vér in die stil lug. Van vér af lyk hy soos 'n wolkmassa waaruit die dondersuile omhoog staan.*

*Die groot horlosies slaan talmend in die stilte bo die dreuning. Vér steek die geluid van 'n fluit dun en hoog in die lug, dun en fyn soos die gil van 'n bang vrou . . .*

*Uit die aarde kom daar 'n fyn siddering soos wanneer die voorwind van die orkaan fyn rimpels op die oseaan opjaag.*

*Hulle wat dit gehoor het, gaan staan soos bedagsame diere wat anderkant die kuil 'n tak hoor kraak het. (p. 269).*

Dit is die begin van die hoofstuk oor die myninstorting.

In die aangehaalde paar sinne is daar 'n beweging vanuit die verte na die nabyheid en in die verloop daarvan is daar nog dwarsbewegings van geringer omvang tussen bo en onder, bv. in die omhoogstrewing van die boukonstruksies en in die horlosieslag bo en die fluitgeluid onder.

Maar ook op 'n tweede vlak is daar 'n dergelike voortgang. In 'n atmosfeer van wit winterson (koudheid), glinster die stad (koue hardheid) en toring hoekig en massief omhoog (hardheid en krag). Uit hierdie kenmerke word nou nog die onheilspellende vaagweg losgemaak deur die dondersuile in die vergelyking, wat met die voorafgaande origens nog verband hou deur *vér*, *wolkmassa*, *wit* en *omhoog*. In die volgende sin sluit die talmende horlosieslag hom assosiatief aan by die stilte en by die *toring* uit die eerste sin, maar terselfdertyd dui dit ook op onverbiddeleke tydsverloop en versterk daarmee, in samehang met dondersuile en dreuning die sfeer van bedreiging. Met 'n nuwe verbandstigtende aanwending van *vér*, word die gevaarlike nou digby gebring met 'n fluitgeluid, wat die nosie van waarskuwing inhou en dadelik, by wyse van vergelyking, oorgaan in 'n angstgil. Die groot, onpersoonlike dreigbeweging word gekruis deur dié van getroffenheid. Dan word die motief van die stad wat uit die aarde omhoogtoring, ook op hier-

die niveau oorgeneem met *Uit die aarde kom daar 'n fyn siddering*. En weer tref dit: *Hulle wat dit gehoor het . . .*

Dit is inderdaad 'n baie fyn spel van wisselwerkende en mekaar versterkende kragte wat hier na vore tree. Noukeuriger ontleding sal nog meer van hierdie samehange blootlê, maar dit is seker voldoende om 'n indruk te gee van die stilistiese kunsvaardigheid van die skrywer. Weliswaar is die herhaalde gebruik van woorde soms enigszins opsigtig, maar oor die algemeen doen dit tog selde afbreuk aan die gawe gehalte van die beskrywing.

In sy geheel beskou, tref die werk deur die plastisiteit van die uitbeelding, deur die afgerondheid van die figuurtekening en deur die lewendige karakteristiek van die gesprekke. Dit het nie die sentimentaliteit wat 'n werk van hierdie aard so lig aankleef nie. Afgesien van die toneeltjie in die burgemeesterskantoor, wat oriens m.i. nie tot die besgeslaagde gedeeltes behoort nie, word dinge vanuit die oogpunt van die naturel besien en die weergawe maak meestal die indruk van egtheid: die naturel in sy naïewe, elementêre gevoelslewe, sy beïnvloedbaarheid, sy optimisme, sy trou en ontrou, sy verantwoordelikheid en onverantwoordelikheid, sy wreedheid en goedaardigheid. Die min of meer los voorvalle waarin die verhaal verloop, is dan ook uit hierdie gesigspunt geheel in ooreenstemming met die aard van die onderwerp.

As 'n mens *Swart Pelgrim* deurgelees het, dan voel jy seker dat Kolisile in jou herinnering sal bly; jy vra jou soms selfs af of jy hom nie êrens al teëgekome het nie.

F. J. SNIJMAN

GROU MURE, deur S. J. Pretorius. (Nasionale Boekhandel Bepker, Johannesburg, 1953).

In *Trekkerswee* (1915) beeld Totius die ondergang van die ou Boerebeskawing uit en toon aan hoedat die eenvoudige landelike lewe vervang word deur die glansryke en tog onegte en gedwonge kultuur van die grootstad. Daarna kom D. J. Opperman met *Negester oor Ninevé* (1947) en *Joernaal van Jorik* (1949) waarin etlike gedigte voorkom wat die beklemming en onruswekkende bestaan van die grootstadslewe vertolk. Ons dink bv. aan verse soos *Stad in die Mis* en *Ballade van die Grysland*. Nou het daar weer twee bundels verskyn waarin die futiliteit en onnatuurlikheid van die grootstadslewe uitgebeeld word, nl. *Twee Lande*, deur S. Ign. Mocke en *Grou Mure*, deur S. J. Pretorius.

Pretorius stel hom ten doel om die stryd uit te beeld van die landelike bewoner wat deur omstandighede genoodsaak word om in die grootstad 'n heenkome te soek. Dis nie alleen 'n vergestaltung van die uiterlike worsteling om op materiële gebied staande te bly nie — die stryd is ook innerlik, want in die stad sak allerhande vreemde magte op hom toe wat hom moreel en geestelik wil ondermyn. En wanneer hy in die kunsmatige, benouende lewe vasgevang sit, breek die verlangte telkens deur na die vrye, ongerepte bestaan van sy jeug.

As geheel het Pretorius daarin geslaag om 'n goeie stuk werk te lewer — dis die beste bydrae wat hy tot dusver op die gebied van die poësie gelewer het. Die langgedig bevat gedeeltes wat van egte ontroering en suiwer vormgewing getuig. Maar voordat ons daarop wys, wil ons tog enkele



besware aanstip, 'n paar leemtes noem wat afbreek doen aan die andersins so verdienstelike werk.

Eerstens dan die rymverbindings. Die digter hou enduit vol met die sg. gepaarde rym. Dit bring mee dat hy soms die rymvorm moet forseer en dan dadelik die indruk van gekunsteldheid skep. Maar die vernaamste besware hierteen is die eentonige „dreun" wat dit op die lange duur veroorsaak. Insteede dat die herhaling van klanke die oor streef en as 'n saamluidende krag dien om die geheel saam te snoer, wêk dit 'n mate van vermoedheid; die knaend-aanhoudende ritme laat die betekenis van die verse verwaag.

My tweede beswaar het veral betrekking op die uitbeelding van die stadslewe. Hier ontbreek daardie persoonlike eienskap, die felle ontroering wat alleen na vore tree as die stof deur en deur vergeestelik is. Dis asof die lewensritme van die digter nog nie spontaan en harmonieus opgaan in daardie soort lewe nie; daarom maak sy werk hier en daar die indruk van verstandelikheid, van bewuste en opsetlike samestelling.

In die derde plek is dit jammer dat Pretorius nie deurgaans op sy eie seggingskrag staatmaak nie, maar hom laat verlei om in die trant van sekere van sy tydgenote te skryf. Gelukkig kom sulke „naklanke" nie baie voor nie, maar die wat daar wel is, werk steurend op mens se gevoel in.

Die digter lewer sy beste werk waar hy die verlange na die landelike uitbeeld:

Hoe dikwels ver gedwaal langs  
vlei  
en rant, verruk deur wat ek kry  
in die natuur se skatkis: hier  
'n silwer spinnekop of mier

van amber, daar 'n vuurrooi  
bessie,  
of lank gesoek tot ek die nessesie  
met skilder-eiertjies, of styf  
die likkewaan se stert en lyf  
half deur 'n bos se blare sien,  
of in klein hasie wat miskien  
oop oë tussen takkies slaap  
en hoe in gras, opeens verskrik,  
swart koppies van patryse mik.  
Sulke gedeeltes, wat oral in die  
gedig voorkom, getuig van fyn  
waarneming en aanvoeling. En  
iemand wat reëls soos die volgende  
kan skryf, is werklik digter:

O groot begraafplaas waar die  
skaar  
van vreemdelinge langs mekaar  
in hul nou graffies lê, een teen  
die ander, rye, steen aan steen,  
met bottels, engeltjies en gruis,  
diep-eensaam langs die groot  
gedruis  
en drukte van so baie strate,  
ewig vergete en verlate . . .

Gebrek aan ruimte belet my om  
op meer sulke voorbeelde te wys.  
Maar ek wil ten slotte weereens  
beklemtoon, dat, ten spyte van  
bogemelde besware, Pretorius 'n  
wesentliche bydrae tot die Afri-  
kaanse poësie gelewer het, dat  
daar groot vooruitgang in sy dig-  
terskap waar te neem val en dat  
ons met belangstelling uitsien na  
sy volgende skeppingswerk.

S. C. HATTINGH

DIE RYK WEDUWEE, 'n Bly-  
spel deur Uys Krige. (Afrikaan-  
se Pers-boekhandel, Johannes-  
burg, 1953).

Uys Krige is een van die mees  
produktiewe toneelskrywers in  
Afrikaans en het alreeds belang-  
rike bydraes gelewer. Die blyspel  
onder bespreking is egter klaar-  
blyklik suiwer vermaaklikheids-  
lektuur en as sodanig bedoel. Dit  
sou derhalwe vitterig wees om op  
alle tekortkominge in te gaan.

Ons kan volstaan deur te sê dat die dialoog buitengewoon fris is, dat van alle problematiek vroegtydig weggekram word en dat die toeval alle komplikasies uit die weg ruim.

Ek twyfel daar vir geen oomblik aan nie dat *Die Ryk Weduwee* onmiddellike byval sal vind by die algemene publiek. Ongelukkig is dit nie die hoogste lof wat mens 'n literêre werk kan toeswaai nie.

E. LINDENBERG

GROENFONTEIN SE MENSE, roman deur Jan Kloppers. (H.A.U.M., Kaapstad/Pretoria, 1953).

Oor die algemeen geld dit nog dat die gewone leser swak ingelig is oor die kultuurstryd van die Afrikaner in Natal. As mens sake egter van naby bekyk — wat gebeur as ons hierdie outobiografiese verhaal van Jan Kloppers ter hand neem — sien jy baie gou dat die stryd dáár dieselfde patroon vertoon as elders in die land ongeveer 'n kwarteeu gelede. Die skrywer se noukeurige beskrywing van persone en toestande bring ons helder onder die indruk dat die Natalse Afrikaner in wesenstrekke nie verskil van die Afrikaner elders in die land nie.

Die boek is besonder goed versorg en die skrywer beskik oor 'n aangename verteltrant. Die grootste waarde van die werk is geleë op die gebied van die kultuurgeskiedenis en dit verdien 'n ruime leserskring.

A. J. COETZEE

DRIE SWERWERS OOR DIE EINDERS, reisverhaal deur W. A. de Klerk. (Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad ens., 1953).

'n Reisverhaal lees mens om dieselfde rede as waarom jy lang

swerftogte onderneem: om die bekoring te ondergaan van ander mense en ander dinge as dié waarmee jy daagliks doenig moet wees om jou broodjie te verdien. Die sleur verbonde aan jou gelykvloerse bestaan bring naderhand mee dat jy 'n geroetineerde outomaat word en jy voel jou siel stadigaan in jou sterf.

De Klerk en twee maats het 'n reis deur Suidwes onderneem tot aan die Kunene met die doel om dieselfde reis af te lê wat die Dorslandtrekkers byna 'n driekwart eeu gelede afgelê het.

De Klerk beskik oor 'n besondere gawe van sintuiglike waarneming van sigbare dinge en stemminge. Daarby beskik hy oor die één goeie trek wat die „geslaagde” swerwer kenmerk: die vermoë om gemoedelik en vrymoedig met vreemdelinge om te gaan. En as skrywer beskik hy oor die talent om met kleur en geur te vertel van die reiservarings en van die onsenlike gewaarwordings op sodanige wyse dat die leser gaandeweg in beslag geneem word deur 'n aangroeiende begeerte om ook dié veraf gestee te besoek.

Dis 'n veelsydige boek wat nie net iets bied vir dié leser wat belangstel in die spannende verhaal, of die nuwe ervaring, of die aanskoulike landskap, of die fyner gemoedsbeweging nie, maar ook vir die meer gevorderde fynproewer wat sy hart ophaal aan 'n ryke geskakeerdheid van segging en uitbeelding.

Dis 'n reisverhaal in sappige, gemoedelike Boere-Afrikaans wat ons De Klerk se kunstenaars-talent uit 'n nuwe hoek laat sien, en dis beslis 'n boek wat 'n plek verdien op elke Afrikaanssprekende se boekrak.

A. J. COETZEE

OOR AFRIKAANS, Tweede Deel, deur G. S. Nienaber. (Afrikaanse Pers Bpk., Johannesburg, 1953).

Wat hier aangebied word, is deel II van 'n samevattende beeld van Afrikaans in sy wording, waarvan deel I in 1949 die lig gesien het. In hierdie deel word die taaltoestande aan die Kaap vanaf die stigting van die blanke nedersetting in 1652 tot aan die einde van die neëntiende eeu uitgebeeld teen die nodige agtergrond van die nie-Germaanse tale wat van belang is by die bespreking van die ontstaansvraagstuk.

Die studie is deeglik gedokumenteer en alhoewel dit die grootste waarde sal hê vir studente aan die universiteit, is dit eenvoudig genoeg vir die gevormde leek om dit met genoeg te kan lees. Al mis die werk die gebruiklike saakregister, is dit tog 'n boek wat die aandag moet ontvang van almal wat hulle voorberei vir gevorderde Afrikaanse eksamens en van almal wat werklik belangstel in die geleidelike groei van Afrikaans uit voorafgaande taaltydperke.

A. J. COETZEE

TAALHISTORIESE BYDRAES, deur J. L. M. Franken. (A. A. Balkema, Amsterdam/Kaapstad, 1953).

Lesers wat nie so jonk meer is nie, sal onthou hoe gretig die grondige opstelle gelees is wat

professor J. L. M. Franken in die jare dertig in *Die Huisgenoot* en die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* laat verskyn het oor bepaalde aspekte van die Afrikaanse woordeskat: Maleis, Portugees, visserstaal, Frans ens. Destyds was ons nog druk besig om die twee belangrikste ontstaansteorieë teen mekaar af te weeg en in menige opsig het Franken se geduldige navorsing in ons argiewe gegewens aan die lig gebring wat na regte opgediep moes gewees het alvorens so 'n druk geteoretiseer oor die ontstaan van Afrikaans begin is. Franken se opstelle het dan ook dikwels as 'n korrektyf gewerk wat 'n juister perspektief help skep het.

Met die verloop van bykans twee dekades het daardie opstelle egter niks aan hulle prikkelende frisheid verloor nie, en die samesteller en versorger van hierdie bundel, professor G. S. Nienaber, het die Afrikaanse taalwetenskap en die gewone belangstellende, gevormde leser 'n guns bewys deur toe te sien dat die opstelle in boekvorm beskikbaar gestel word.

Die werk is goed versorg en skrywer, redakteur en uitgewer sal daar veel plesier van beleef. Meldenswaardig is veral die feit dat die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap geldelike bystand verleen het om die publikasie moontlik te maak.

A. J. COETZEE

# Uit Die Tydskrifte

**Critisch Bulletin, Junie 1953:**

Hierin verskyn die rede gehou deur Top Naeff by geleentheid van die aanvaarding van haar ereburgerskap van die stad Dordrecht. *Een Mystiek-Muzikaal Dichterschap* is die titel waaronder Anthonie Donker die nuwe bundel, *Regionen*, van H. W. J. M. Keuls bespreek. Hy vind dat Keuls hierin selfs groter hoogtes bereik as in sy versamelde gedigte, en verder beskou hy Keuls as 'n meester in die vertaalkuns. Alhoewel hy Jan Vercammen se nuwe bundel, *Verbroken Zegel*, as 'n merkwaardige menslike dokument beskou, meen Pieter G. Buckinx tog dat die vaagheid en veelwoordigheid daarvan dit as gedig minder bevredigend maak. „Wie niet in de wieg wordt gelegd als verteller, legt de lezer te bed” is die bevinding van Karel Jonckheere na aanleiding van 'n paar bundels verhale, waarvan slegs Louis-Paul Boon se *Twee Sproken* hom kan bevredig.

**De Vlaamse Gids, Julie 1953:** In sy poësie-kroniek probeer M. Rutton twee hooflyne in die ontwikkelingsgang van die Vlaamse poësie aantoon: die formeel-gerigte poësie wat dikwels eksperimenteel van aard is (Gezelle-Van Ostaijen-Burssens-Claus) en dié van die ewig-menslike belydenispoësie (Van Langendonck-Van de Woestijne-Van Nijlen-Hensen). Van Karel Jonckheere verskyn nuwe poësie.

**Dietsche Warande en Belfort, Julie 1953:** Dr. R. V. van den Bussche O.P. gee 'n waardering

van die veelsydige geskifte van Cyriel Verschaeve. Hy probeer die wesenlike kenmerke aantoon en waardeer sonder om die swakhede te ontken. Bert Ranke skryf met geesdrif oor die romanskrywer Piet van Aken en meen dat lg. sy leerlingsjare by De Pillecijn ontgroeï het in *Alleen de Doden* en *Het Begeren*.

**Nieuw Vlaams Tijdschrift, Jaargang 7, nr. 7:** „Deze getijden betekenen een vlot en handig spelletjeswerken met rijmen en zijn een uitstekende oefening voor leerlingen uit een declamatie-klasse, onderdeel: phonetic drill.” Hierdie sin is illustratief van die vernietigende kritiek wat Karel Jonckheere vel oor 'n aantal nuwe poësie-bundels van digters soos Richard de Cneudt, Gaston Gevaert, Jan Vercamen, Julia Tulkens, Liane Bruylants en Frans Buyle ens. 'n Enigins sagter toon vind hy vir o.a. Marcel Coole en Bert Decorte. Verder bevat hierdie nommer nuwe poësie van Hugo Claus en Prosper de Smet en twee artikels oor Herman Vos, respektieflik van P. Geyl en Alex de Vries.

**De Nieuwe Taalgids, 4e aflevering, 46e jaargang:** W. A. P. Smit vind die negende deel van die *Geschiedenis van de Letterkunde der Nederlanden* (versorg deur prof. dr. W. J. M. A. Asselbergs) as geheel 'n belangrike, deurwrogte en teoreties goed gefundeerde studie, al is hy dit nie altyd eens met die skrywer se praktiese toepassing van teoretiese beginsels nie. Prof. Smit bespreek

ook Opperman se *Digtors van Dertig* en vind dit „de uitzondering die de regel bevestig.” Die reël waarop gesinspeel word, is dat geen geskiedenis van 'n tydgenootlike beweging moontlik is nie. D. A. de Graaf besluit sy bespreking van *Pierson en Tachtig* met die volgende woorde: „Het minste dat men van Pierson kan getuigen, is wel dat hij zoal geen heraut dan toch een voorloper van Tachtig geweest is.”

**Standpunte 28, Jaargang 7, Nr. 4:** In 'n belangwekkende artikel, *Geskiedenis en Lewe*, stel F. A. van Jaarsveld sekere gebreke in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing aan die kaak. Hy verwyf Afrikaanse historici veral 'n gebrek aan beginselgrondslae t.o.v. die prinsipes van „Relatiwiteit” en „Totaliteit.” Verder bevat hierdie nommer 'n kortverhaal van Jack Cope en gedigte van Phyllis Haring (Engels) en Afrikaanse verse deur Ina Rousseau en A. J. J. Visser. As die werklik belangrike nuwe romans in Nederlands, sonder Greshoff uit *Een Vinger op de Lippen* van Pierre H. Dubois en *Het Wilde Feest* van Adriaan van der Veen. Finus M. P. Oosterhof het baie bedenkinge teen Grové en Endt se bloemlesing *Digtors uit die Lae Lande* en meen dat die veelvuldige foute 'n verbeterde uitgawe noodsaaklik maak. Ten spyte van 'n aantal bedenkinge (teen die feit dat die gedigte self nie soveel aandag ontvang as die *Empfin-*

*dungs- und Geistesgeschichte* nie, teen naiewe psilogismes en teen die chronologie), meen Antonissen tog dat Opperman se proefskrif soveel gee wat nuut is, dat die invloed daarvan „waarskynlik onmiddellik merkbaar sal word in die geskiedskrywing van die Afrikaanse letterkunde.” Van T. T. Cloete se *Trekkerswee en Joernaal van Jorik* sê hy dat alhoewel die „akademiese voortreflikheid” daarvan onbetwisbaar is, die betekenis daarvan hoofsaaklik nog lê in „die demonstrasie van 'n metode.” Antonissen oordeel verder ongunstig oor I. D. du Plessis se *Lig en Skaduwee*.

E. LINDENBERG

**Helikon, jaargang 2, nommer 11:** S. Ign. Mocke skrywe afkeurend oor Miep Nienaber-Luitingh se „openlik partydige” oorsig in *Critisch Bulletin* van die onlangse letterkundige polemiek in ons blaaië oor die toekenning van die Hertzogprys. In 'n verdere artikel betreur hy die „erosie van die siel” wat veroorsaak word deur verstandelike poësie wat gebruik maak van „bewuste skoktaktiek” met seksualisme, en selfs lof in oes van „sogenaamd Calvinisties georiënteerde kritici.” D. J. Opperman se proefskrif *Digtors van Dertig* word as 'n mislukte werk beskou. Die digter G. A. Watermeyer sluit sy artikel oor Opperman se poësie af deur aan te toon dat dit oorskak is en op 'n doodlooppad beland het.

E. LINDENBERG



# Nuwe Afrikaanse Boeke

P. J. NIENABER

## ROMANS EN VERHALE

- BEUKES, Dricky, Grenslyne. Pretoria, Keur-biblioteek, 1953. 221 bl. 7½ x 5. 8/6 (aan lede 6/6).
- BUSS, P. Maanlig oor Bwana. Johannesburg, Drosty-boekklub, 1952. 318 bl. 7¾ x 5. 12/6.
- BUYS, Bernhardus R. Wyl die mis sweef. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1953. 221 bl. 7½ x 5. 10/6.
- ENGELENBERG, Theo. Die geheime laai. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1953. 224 bl. 7½ x 5. 10/6.
- FRASER, E. J. M. Duistere oes. Johannesburg, Drosty-boekklub, 1953. 318 bl. 7¾ x 5. 12/6.
- GROEN, Sanet te. Hoe skraal die oes. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1953]. 185 bl. 7½ x 5½. 11/-.
- GROENEWALD, André. Deurmekaar met 'n rooikop. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1953. 216 bl. 7¾ x 5. 10/6.
- HEERDEN, A. van. Die goue jare. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1953. 224 bl. 7½ x 5. karton. 10/6.
- HEEVER, C. M. van den. Dirk se oorwinning. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 267 bl. 7½ x 5.
- HEINRICH, J. Lynkloof. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1953. 254 bl. 7½ x 5. 10/6.
- HOFMEYR, S. A. Vallei van die Wanko. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1953. 250 bl. 7 x 4½. karton 11/- (11/6).
- HÖRSTEN, Hendrik en Fritz von. Kêrel van die Goudstad. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 275 bl. 7½ x 5.
- KLERK, W. A. de. Drie swerwers oor die einders. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1953]. 187 bl. bibl. illus. 8½ x 5½.
- KLOPPERS, J. Dwarsgange. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1953. 221 bl. 7¾ x 4½. 10/6.
- KLOPPERS, Jan, *skuilnaam*. Groenfontein se mense. Kaapstad, H.A.U.M., en Pretoria, J. H. de Bussy, 1953. 127 bl. 7¾ x 5½.
- LAGERKVIST, Pär. Baråbas; uit die Sweeds vertaal deur Hymne Weiss. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1953. 213 bl. 7 x 5. 11/- (11/6).
- LINGUA, Susanna M. Rista. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1953. 239 bl. 7½ x 5. karton. 10/6.
- LOMBARD, Thilda. Sal dit te laat wees? Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1953]. 185 bl. 7½ x 5½.
- LOUW-Theron, Mimié. Soos een wat dien. Kaapstad, N. G. kerk-uitgewers, s.j. [1953]. 194 bl. 7½ x 4½. 12/6.
- MARÉ, Leon. Pronkdae. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 286 bl. 7½ x 5.
- MERWE, H. A. van der. Staen op en wandel. Johannesburg, Boek-van-die-maand-klub, 1953. 189 bl. 7½ x 5.
- MOCKE, Annette. Offervreugde. Pretoria, Keurbiblioteek, 1953. 224 bl. 7½ x 5. 8/6 (aan lede 6/6).
- MÖLLER-Malan, Dorothea. Dina Fourie. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1953. 222 bl. 7 x 5. 11/- (11/6).
- NAUDÉ, Eugene. Sahara-saga. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1953. 207 bl. 7 x 5. 11/- (11/6).
- OTTO, Paul E. My liefste Britta. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, s.j. [1953]. 240 bl. 7½ x 5. 11/6.
- RENSBURG, Elizabeth van. Die uitnemendste daarvan. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1953. 208 bl. 7½ x 4¾. karton. 10/6.
- RICHARD, Dirk. Voor die nag kom. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, s.j. [1953]. 250 bl. 7½ x 5.
- ROUX, Braam le. Kloue van die valk. Johannesburg, Boek-van-die-maand-klub, 1953. 126 bl. 7½ x 4½. pap. („Die swart luiperd-reeks,” nr. 11).
- Rooi maskers. Johannesburg, Boek-van-die-maand-klub, 1953. 142 bl. 7½ x 4½. pap. („Die swart luiperd-reeks,” nr. 10).
- Skedels in die sand. Johannesburg, Boek-van-die-maand-klub, 1953. 127 bl. 7½ x 4½. pap. („Die swart luiperd-reeks,” nr. 12).
- SCANNELL, Jan. Die dwaling van Frederik Oppel. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1953]. 228 bl. 7½ x 5½. 11/9.
- SPENCE, Ela. Lied van verlange. Pretoria, Keurbiblioteek, 1953. 222 bl. 7¾ x 5. 8/6 (vir lede 6/6).
- STEYN, Elmar. Die gemaskerde ridder. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1953. 221 bl. 7¾ x 5. 10/6.
- STRYDOM, Nic. J. Die verlore seun. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 279 bl. 7½ x 5.
- TOIT, Nada du. Maskerade. Johannesburg, Drosty-boekklub, 1953. 317 bl. 7¾ x 4½. 12/6.

## DRAMA

- KLERK, Helen en Andries de. Die ongebore dag. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1953]. 71 bl. 8½ x 5½. pap. 7/6.
- KRIGE, Uys. Die ryk weduwee. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 115 bl. 8½ x 5½. („Geskenkboeke,” nr. 27).



## POËSIE

PRETORIUS, S. J. Grou mure. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1953]. 40 bl. 8½ x 5½. 9/6.

## LETTERKUNDE

CLOETE, dr. Theunis Theodorus. Trekerswee en jaernaal van Jorik. Amsterdam, Swets & Zeitlinger, 1953. 203 bl. 9½ x 6½. pap. 15/-.

## TAALKUNDE

FRANKEN, dr. J. L. M. Taalhistories-hydraes. Kaapstad, A. A. Balkema. 1953. 224 bl. bibl. 9½ x 6½.

NIENABER, dr. G. S. Oor Afrikaans. deel II. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 331 bl. kaart. 7 x 4½. slap linne.

## VOLKSKUNDE

COETZEE, dr. A. J. Die Afrikaanse volkskultuur. Kaapstad, A. A. Balkema. 1953. 128 bl. 9½ x 6½.

## WOORDELYSTE

DEPARTEMENT van mynswese. *Afdeling geologiese opname*. Voorlopige paleontologiese woordelys. Pretoria, Departement van mynswese, 1951. 96 bl. 9½ x 6. pap.

SUID-Afrikaanse Akademie vir wetenskap en kuns. Afrikaanse woordelys en spelreëls; sesde druk. Kaapstad. Nasionale boekhandel, 1953. 317 bl. 7½ x 5½.

VAKTAALBURO van die S.A. Akademie vir wetenskap en kuns. Lys bousterme. Pretoria, VaktaalbuRO van die S.A. Akademie, 1951. 12 bl. 12½ x 7½. 15/-.

## KINDERBOEKE

BARR, Noel. Bekkie, die gulsige eend; illustrasies deur P. B. Hickling. Loughborough, Wills & Hepworth, s.j. [1953]. ongep. gekl. illus. 7 x 4½. karton. 3/6.

—, Die nuuskierige veldmuise; illustrasies deur P. B. Hickling. Loughborough, Wills & Hepworth, s.j. [1953]. ongep. gekl. illus. 7 x 4½. karton. 3/6.

—, Toontjies die ondeunde katjie; illustrasies deur P. B. Hickling. Loughborough, Wills & Hepworth, s.j. [1953]. ongep. gekl. illus. 7 x 4½. karton. 3/6.

—, Die verstandige rooiborsie; illustrasies deur P. B. Hickling. Loughborough, Wills & Hepworth, s.j. [1953]. ongep. gekl. illus. 7 x 4½. karton. 3/6.

—, Die verwaande lammetjie; illustrasies deur P. B. Hickling. Loughborough, Wills & Hepworth, s.j. [1953]. ongep. 7 x 4½. karton. 3/6.

BUYS, I. D. Kindergebedjies. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 41 bl. illus. 8½ x 8½. slap linne.

GILDENHUYNS, M. J. Interessante blokkiesraaisels, deel I. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 46 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Stokperdjie-reeks,” nr. 16).

—, deel II. 1953. 46 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Stokperdjie-reeks,” nr. 17).

JACOBS, Fred. Die yskoning. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 69 bl. 7½ x 4½. slap linne.

MALHERBE, Marie. Die ontevrede boom. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, s.j. [1953]. 53 bl. illus. 8½ x 6½.

NAUDE, Bettie. Saartjie se geheim. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953 176 bl. 7½ x 4½. („Saartjie Baumann-reeks,” nr. 3).

—, Saartjie se donkie. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 165 bl. 7½ x 4½. („Saartjie Baumann-reeks,” nr. 4).

—, Saartjie se nuwe maat. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 166 bl. 7½ x 4½. („Saartjie Baumann-reeks,” nr. 5).

RUITER, E. H. W. -de, red. Gevaarlike insekte vir mens en dier. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 59 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies” V, nr. 13).

—, In Sneeculand. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 28 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne.

—, Jagavonture. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 47 bl. illus. 8½ x 6. slap linne. („Excelsiorboekies,” V, nr. 18).

—, Die snelboot van Maklepos. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 31 bl. illus. 8½ x 6½. slap linne. („Excelsiorboekies” V, nr. 16).

SMITH, Topsy. Die Botha's. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 119 bl. 7½ x 4½. slap linne.

SWANEPOEL, Elise. Die land anderkant die berge. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 86 bl. 7 x 4½. slap linne.

VISSCHER, L. A. Avonture van Buks Venter. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 164 bl. 7½ x 5. karton.

VRIES, Anne de. Bertus en Bruno. Silvertown, J. Semmelink, s.j. [1953]. 38 bl. illus. 8½ x 6½. pap. 2/9.

## BIOGRAFIE

MALHERBE, Janie A. Predikante-prestasies en petalies; lewensbeskrywing van ds. E. G. Malherbe. Kaapstad, Maskew Miller, s.j. [1953]. 203 bl. illus. 8½ x 5½. karton. 12/6.

## GODSDIENS

BOTHA, ds. Jac. J. S. Ek glo! 'n uiteensetting van ons geloofs-geschiedenis. Kaapstad, N.G.-uitgewers, s.j. [1953]. 281 bl. 7½ x 5. 17/6.

HANEKOM, dr. T. N. Die hoë toring; die Ned. Geref. Kerk Otjiwarongo gedenkboek (1902-1952). Otjiwarongo, Ned. Geref. Kerk, s.j. [1952]. 127 bl. illus. 8½ x 5½. 12/6.

KLERK, dr. P. J. S. de. Woorde en daad van die profete. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 204 bl. bibl. 9½ x 6.

MERWE, dr. W. J. van der. Sending-genade in Mashonaland. Kaapstad, N. G. kerk-uitgewers, s.j. [1953]. 124 bl. illus. 7½ x 5. 9/6.

- PRETORIUS, dr. H. S. Die kerknaam: antwoord aan ds. Joh. Dreyer en prof. dr. S. P. Engelbrecht. Pretoria, die Skrywer, s.j. [1953]. 20 bl. 8½ x 5½. pap. 1/-.
- RONÉL. Haar kinderkransboek. Prins Albert, die Skryfster, s.j. [1953]. 64 bl. 7½ x 4¾. pap.
- SCHOLTEMEIJER, Herman. Ons blaai deur die Bybel. Kroonstad, die skrywer, bus 313, s.j. [1953]. 48 bl. bibl. 8½ x 5¾. pap.
- VENTER, dr. E. A. Geskrewe kursuskema van die Ned. Geref. Kerk, reeks twee. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers, s.j. [1953]. 71 bl. 9½ x 6. pap.
- WAAL, ds. P. de. Die belangrikste halfuur. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers, s.j. [1952]. 82 bl. foto. 8½ x 5½. 4/6.
- WATTS, Newman. Edin Orr, wêreld-evangelis; vertaal deur Timo Kriel. Rooipoort, C.U.M., s.j. [1953]. 175 bl. 7½ x 4¾. pap. 4/9.
- SPORT**
- KELDER, Jan C. Dis swemtyd. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 45 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. (Stokperdjierreeks," nr. 18).
- VOS, Wouter de. Doring met 'n vuis. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 52 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Stokperdjierreeks," nr. 15).
- MUSIEK**
- CARSTENS, Nico, SEGAL, Charles, en WAAL, Anton de. Die koeitjie spring oor die doringdraad. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 12¾ x 8½. pap. (P.K.126).
- CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Adam en Eva en die appeltjie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 3 bl. 11 x 8½. pap. (M.P.68). 2/-.
- , Brakkie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 12¾ x 8½. pap. (P.K.118).
- , Ek het my wens gekry/In answer to a prayer. Johannesburg, Trutone Afrik, 1953. 1 bl. 12¾ x 8½. pap. (P.K.120).
- , Ek ry met die trein. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 12¾ x 8½. pap. (P.K.115).
- , Snippie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 12¾ x 8½. pap. (P.K.123).
- , Toktokkie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 12¾ x 8½. pap. (P.K.125).
- , Die tortelduif wals. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 2 bl. 11 x 8½. pap. (M.P.67). 2/-.
- , 'n Vlooi is 'n ding wat byt. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 2 bl. 11 x 8½. pap. (M.P.66). 2/-.
- HUMAN, Hofmeyr. Eensame paadjie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 12¾ x 8½. pap. (P.K.128).
- HUMAN, Hofmeyr, STELLING, Jock, en CARSTENS, Nico. Bobbejaan. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 12¾ x 8½. pap. (P.K.129).
- SEGAL, Charles, STYGER, Viv, en WAAL, Anton de. Hy-ba-ba-rie-bab se ding is vim. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 2 bl. 11 x 8½. pap. (M.P.69). 2/-.
- SEGAL, Charles, en WAAL, Anton de. Geldjies. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 12¾ x 8½. pap. (P.K.122).
- , Kalkoentjie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 12¾ x 8½. pap. (P.K.127).
- SPUY, Kobus van der. Onder om die draai. Johannesburg, Trutone Afrika, 1953. 1 bl. 12¾ x 8½. pap. (P.K.123).
- LEWENSKUNS**
- ALPHEN, Almie van, en MALAN, Hélène. Lewenskuns en goeie maniere (briewe oor die etiket). Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1953]. 231 bl. illus. 8¾ x 6½.
- HELPEPDE hand, Die. So is die mans. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 155 bl. 7½ x 5.
- , So is die vrouens. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1953. 169 bl. 7½ x 5.
- GESKIEDENIS**
- BOËSEKEN, dr. A. J., KRÜGER, dr. D. W., en KIESER, dr. A. Drie ceue: die verhaal van ons vaderland, deel IV: laaste jare van die Republiek. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1953. 307 bl. illus. 9½ x 6¾.
- TUINBOU**
- SPUY, K. R. van der. Hoe om rose in Suidelike Afrika te kweek. Kaapstad, Maskew Miller, s.j. [1953]. 82 bl. gekl. illus. 8½ x 5¾. karton. 10/6.
- SPUY, Una van der. Tuinmaak in Suidelike Afrika (die blomtuin). Kaapstad, Juta & kie., 1953. 287 bl. illus. 8¾ x 5¾. 21/-.
- DIERKUNDE**
- DREYER, J. J. Ondersoekinge oor die gevolge van akute atiaminose by die rot. Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, drukkers, 1953. 64 bl. illus. 9¾ x 7¾. pap. („Annale van die Universiteit van Stellenbosch," jg. 29, reeks A, no. 1 (1953). 4/6.



